

**Adolesente se geloofsoortuiging en etiese besluitnemingsraamwerk
met betrekking tot seksuele aktiwiteit: 'n Christelik-etiese studie.**

**MJ Bornman
BTh., HONS BA (Teologie)**

**Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in
Etiek aan die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier: Dr M C de Lange
Hulp studieleier: Prof J Zaaiman**

Maart 2011

Hierdie studie word opgedra aan drie persone wat my nie alleen as mens nie, maar ook as
navorser gevorm het:

My ouers, Koos en Elsabé Bornman,

Vir al die ondersteuning met my drome, my loopbaan en my lewe,

en

My studieleier, Dr Leentie de Lange,

wat my met soveel liefde geleer het wat dit beteken om 'n teoloog in Etiek te wees
en hoe dit lyk om waarlik naby jou Skepper te leef.

OPSOMMING

Adolesente se geloofsoortuiging en etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteit: 'n Christelik-etiese studie

Die primêre doelwit van hierdie studie was om ondersoek in te stel daarna of adolessente'n etiese besluitnemingsraamwerk aanwend wanneer hul keuses aangaande seksuele aktiwiteite moet uitoefen en wat die elemente is waaruit hierdie etiese besluitnemingsraamwerk bestaan. Die adolessente ontwikkelingsfase word gekenmerk deur fisieke en kognitiewe veranderinge, waarvan die verdere ontwikkeling van seksuele eienskappe en moraliteit slegs deel uitmaak. Beide hierdie ontwikkelinge is breedvoerig bespreek binne die konteks van adolessente se seksuele aktiwiteite, kognitiewe ontwikkeling en die morele ontwikkeling.

Verskillende invloede op die moraliteit van adolessente is geïdentifiseer, waarvan die geloofsgemeenskap van adolessente een uitmaak. Hierdie elemente het ook 'n invloed op die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite. Die invloed van die geloofsgemeenskap op die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente is ook ondersoek, op grond van die geloofsgemeenskap se uitsprake oor seksuele aktiwiteite, asook gebaseer op die persepsionele invloed wat die geloofsgemeenskap op die moraliteit van adolessente uitoefen.

Die seksuele aktiwiteite van adolessente, adolessente se persepsies van seksuele aktiwiteite en die boodskappe en bronne van adolessente se inligting oor seks is met behulp van Deelnemerobservasie-navorsing geïdentifiseer. 'n Klein groep deelnemers en observeerders het gebruik gemaak van die PIRASH-program, waaruit die bostaande inligting geïdentifiseer is. Die deelnemers het ook die struikelblokke uiteengesit wat adolessente die hoof moet bied om 'n gesonde seksuele lewe te lei, en ook 'n definisie gegee van 'n gesonde seksuele lewe.

Deelnemers aan hierdie studie was dit eens dat hul geloofsgemeenskap nie genoeg inligting aan adolessente verskaf oor seks of seksuele aktiwiteite nie. Deelnemers het hierdie afwesigheid van inligting aangetoon as rede vir die gebruik van ander bronne vir inligting oor seksuele aktiwiteite. Die boodskappe van hierdie ander bronne, waarvan die media, vriende en ouers deel uitmaak, verskil van die enkele boodskappe wat die geloofsgemeenskap wel oor seks uitdra. Adolessente het makliker toegang tot hierdie ander bronne, daarom is daar 'n groot verskil tussen dit wat die geloofsgemeenskap se standpunt oor seksuele aktiwiteite is en wat die werklike standpunt van adolessente is wat tot hierdie geloofsgemeenskappe behoort.

Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat dit noodsaaklik, byna dringend, is vir geloofsgemeenskappe om die werklike standpunt van adolessente in die gemeenskap, oor seksuele aktiwiteite, te bepaal en 'n groter invloed op die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente uit te oefen. Die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente kan slegs beïnvloed word indien die geloofsgemeenskappe makliker en breedvoeriger met hul adolessente oor seks en seksuele aktiwiteite praat. Postmoderne adolessente het toegang tot 'n verskeidenheid bronne met 'n verskeidenheid boodskappe oor seks en die belangrikheid van morele boodskappe komende van die geloofsgemeenskap kan nie onderskat word nie.

'n Sekondêre uitkoms van hierdie studie was die moontlikheid om Deelnemerobservasie-navorsing as navorsingsmetodologie verder te ontwikkel vir Teologiese Etiek.

Sleutelwoorde:

Adolessente;

Geloofsoortuiging;

Etiese besluitnemingsraamwerk;

Seksuele aktiwiteit;

Deelnemerobservasie-navorsing.

ABSTRACT

Adolescents' beliefs and ethical decision-making framework with regard to sexual activity: a Christian ethical study.

The primary objective of this study was to investigate whether adolescents make use of an ethical decision-making framework when they make choices in relation to sexual activities and the elements that make up this ethical decision-making framework. The adolescent stage of development is characterized by physical and cognitive changes, of which the development of sexual characteristics and morality are only parts. Both these developments are discussed at length within the context of adolescent sexual activity, and cognitive and moral development.

Different influences on the morality of adolescents were identified, of which the faith community of adolescents were one. These elements also influence the ethical decision-making framework of adolescents on sexual activity. The influence of the religious community on the ethical decision-making framework of adolescents was also investigated on the basis of the faith community's message about sexual activities and the perceptual influence of the religious community on the morality of adolescents.

The sexual activity of adolescents, adolescents' perceptions about these sexual activities as well as the messages and sources of information that are available to adolescents with regard to sex was identified by making use of Participant Observation Research. A small group of participants and observers used the PIRASH program to identify the above-mentioned information. The participants also identified the obstacles that adolescents must overcome to establish a healthy sexual life, and what their definition of a healthy sexual life is.

Participants in this study agreed that their faith community did not provide enough information to adolescents about sex and sexual activities. Participants indicated this lack of information as their reason for using other sources of information about sexual activities. These messages conveyed by other sources, including those of the media, friends and parents vary from those the faith community has about sex. Adolescents have easier access to these other sources; therefore there is a difference between the faith community's view on sexual activity and that of the adolescents who form part of the faith community.

It is concluded that it is necessary, almost urgently, for faith communities to establish the actual view of adolescents who form part of the community, on sexual activity, and to have a stronger influence on the ethical decision-making framework of adolescents. The ethical decision-making framework of adolescents can only be influenced if the faith communities speak more

comfortably and more extensively with their adolescents about sex and sexual activities. Postmodern adolescents have access to a variety of sources with a variety of messages about sex and the importance of moral messages from the faith community cannot be underestimated.

A secondary outcome of this study was to explore the possibility of Participant Observation Research as research methodology within Theological Ethics.

Keywords:

Adolescence;

Faith Conviction;

Ethical decision-making framework;

Sexual activity;

Participant Observation Research.

BEDANKINGS

Daar bestaan nie genoeg woorde in enige aardse taal waarmee ek genoegsaam kan dankie sê vir my Skepper nie. Ek dank die Vader dat Hy my die gawe gegee het om navorsing te doen en dat Hy my geseën het met ouers, 'n broer, vriende kollegas en 'n gemeenskap waarin ek my roeping so geheel en al kan uitleef.

Dit is om hierdie rede dat ek ook die volgende mense/instansies bedank:

- My familie, veral my ouers en my broer, Neels, vir die ondersteuning, “moed in praat” en partykeer harde woorde wat my gemotiveer het om hierdie studie te onderneem.
- My lief, Maricha Longland, vir 'n jaar se bid en troos en vashou, sonder wie ek nie die studie sou kon voltooi nie.
- My Trop: Lisa, Jeanette, Marnus, Nikki, Christo, Anri, Neels, Willie, Dezi, Juan, Riaan en MJ vir al die Drakenstein-sessies om te verseker dat ek nie voeling met die realiteit verloor nie.
- Louis en Pauli Nigrini vir die fisieke en geestelike bystand gedurende hierdie studie,
- My studieleier, Dr Leentie de Lange, vir al die hulp en bystand, in meer as net hierdie studie, maar ook in my persoonlike lewe, asook Prof Johan Zaaiman vir sy hulp met Hoofstuk 3.
- Mej. Tessa Dooms, vir die hulp met PIRASH, die opleiding van die observeerders en die inspirasie wanneer ek dit broodnodig gehad het.
- Deon, Elonie, Ria, Christo, Jean en Dezi wat as observeerders opgetree het tydens die data-insameling gedeelte van hierdie studie.
- My kollegas by die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit, vir al die raad en ondersteuning.
- Mev. Louise Vos by die Ferdinand Postma Biblioteek, wat my stap vir stap bygestaan het met die soektogte na literatuur.
- Aan my vriende wat met soveel belangstelling die ontwikkeling van hierdie studie gevolg het.
- Mevrouw Cecilia van der Walt vir die taalversorging.
- Die twee gemeentes wat toestemming aan my verleen het om hul jeug te nader om aan die studie deel te neem, en laastens,
- die tieners wat aan hierdie studie deel geneem het, wat weg gestap het as my vriende en sonder wie hierdie studie nie moontlik kon gewees het nie.

Dankie vir twee jaar se onwrikbare ondersteuning, geloof en konstante gebed. Aan almal my opregte dank en wense vir sukses.

INHOUDSOPGAWE

Opsomming	i
<i>Abstract</i>	iii
Bedankings	v
Hoofstuk 1: Inleiding	1
1. Titel	1
2. Agtergrond	1
2.1 Adolessensie	1
2.2 Moraliteit	2
2.3 Invloede op moraliteit	3
2.4 Geloofsoortuiging en seksuele aktiwiteite	4
3. Probleemstelling	5
4. Doelstelling en doelwitte	6
5. Sentraal teoretiese argument	7
6. Metodologie	7
7. Hoofstukindeling	8
8. Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk	9
Hoofstuk 2: Die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite: 'n literatuuroorsig	10
1. Inleiding	10
2. Menslike ontwikkeling tydens adolessensie	10
2.1 Seksuele ontwikkeling tydens adolessensie	10
2.2 Morele ontwikkeling tydens adolessensie	12
2.3 Teorieë in Psigologie te opsigte van de morele ontwikkeling van die mens	12
3. Invloede op Adolessente moraliteit	15
3.1 Die Postmodernisme	17
3.2 Enkele invloede op moraliteit	18
3.3 Die invloed van geloofsoortuiging op moraliteit	20
4. Adolessente Seksualiteit	22
4.1 Tipe seksuele aktiwiteite van adolessente	22
4.2 Invloede op adolessente seksualiteit	23
4.3 Die invloed van geloofsoortuiging op adolessente seksualiteit	24
5. Die Christelike geloofsoortuiging aangaande seksuele aktiwiteit	26
6. Samevatting	27

Hoofstuk 3: Deelnemerobservasie as navorsingsmetodologie	29
1. Inleiding	29
2. Definisie van deelnemerobservasie	29
3. Die keuse van deelnemerobservasie as metodologie	32
3.1 Voor- en nadele van deelnemerobservasie	34
3.2 Navorsingsetiek binne deelnemerobservasie-navorsing	36
4. Deelnemerobservasie soos toegepas in hierdie studie	37
5. Die Navorsingsinstrument (<i>PIRASH</i>)	38
5.1 Aktiwiteit 1: Inligtingsbronne oor seks	38
5.2 Aktiwiteit 2: Die inhoud van geloofsgemeenskappe se boodskappe aan adolessente aangaande seksualiteit	39
5.3 Aktiwiteit 3: Persepsies aangaande seksuele aktiwiteite van adolessente	40
5.4 Aktiwiteit 4: Die skep van 'n kontinuum van seksuele aktiwiteite	40
5.5 Aktiwiteit 5: Wat is 'n gesonde seksuele lewe vir jongmense?	41
5.6 Aktiwiteit 6: Strategieë om 'n gesonde seksuele leefstyl te verkry	42
6. Samevatting	42
Hoofstuk 4: Die invloed van adolessente se geloofsgemeenskappe op hul etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteite	44
1. Inleiding	44
2. Adolessente se inligtingsbronne oor seks (Aktiwiteit 1)	44
3. Die inhoud van geloofsgemeenskappe se boodskappe aan adolessente oor seksualiteit (Aktiwiteit 2)	48
4. Persepsies aangaande seksuele aktiwiteite van adolessente (Aktiwiteit 3)	54
5. 'n Kontinuum van adolessente se seksuele aktiwiteite (Aktiwiteit 4)	59
6. Adolessente se siening van 'n gesonde seksuele lewe (Aktiwiteit 5)	62
7. Struikelblokke vir adolessente se gesonde seksuele lewe (Aktiwiteit 6)	65
8. Samevatting	67
Hoofstuk 5: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings	68
1. Inleiding	68
2. Die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite	68
3. Die elemente van adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk	70
4. Die invloed van die Christelike geloofsgemeenskap op die vorming van adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk	72
5. Leemtes wat die geloofsgemeenskap (kerk) kan vul binne die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente	73

6. Waarde van hierdie studie	74
7. Leemtes van hierdie studie	75
8. Enkele moontlikhede vir toekomstige studies	75
Bibliografie en Addendums	77
Addendum A: Toestemming vir die gebruik van de PIRASH-instrument	83
Addendum B: Voorbeeld van onderneming vir deelnemers	84
Addendum C: Onderneming vir observeerders	85
Addendum D: Voorbeeld van Ouer se Toestemmingsbrief	86
Addendum E: NWU etiese goedkeuring	87
Addendum F: Die PIRASH-Instrument	88

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. TITEL

Adolesente se geloofsoortuiging en etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteit: 'n Christelik-etiese studie.

2. AGTERGROND

Tydens adolessensie, die ontwikkelingstydperk van die mens wat gepaard gaan met geslagsryping, is seks en die aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan 'n sensitiewe saak vir die betrokke individu. Hierdie belangrike ontwikkelingsfase word verder gekompliseer deurdat die postmodernistiese moraliteit veel te wense oorlaat en geen ondersteuning bied aan adolessente wat binne 'n spesifieke geloof nie alleen hul eie kognitiewe identiteit moet vind nie, maar ook 'n seksuele identiteit. In hierdie studie word gefokus op die identifisering van adolessente se etiese raamwerk ten opsigte van seksuele aktiwiteite, met ander woorde wat die besluitnemingsproses behels wanneer adolessente wat gelowig is gekonfronteer word deur situasies waarby seksuele aktiwiteite betrokke is.

Ten einde enige verwarring te voorkom, word sekere sleutelbegrippe vervolgens uitgeklaar.

2.1 Adolessensie

In die ontwikkeling van die mens, kognitief en fisies, is adolessensie (tussen die ouderdomme 12 tot 19 jaar) een van die moeilikste ontwikkelingstydperke. Nie alleen is daar verskeie fisiese veranderinge soos geslagsryping, verandering van stemtoon en skielike liggaamsontwikkeling nie, maar ook die emosionele groei tot volwassenheid, beklemtoon hierdie tydperk as problematies.

Seksuele rypwording (puberteit) word deur Louw *et al.* (1998:394) beskryf as een van die mees dramatiese ontwikkelinge wat by die mens voorkom. Tydens hierdie fase moet adolessente probeer om hul eie identiteit te ontwikkel en ook om outonomie van hul ouers se gesag te verkry. Hierdie proses word dikwels gekenmerk deur gedrag wat 'n negatiewe invloed op die individu se lewe kan hê, soos die gebruik van dwelms en betrokkeheid by riskante seksuele praktyke (Francis, 2007:15). Adolessente word, in vergelyking met volwassenes, beskryf as meer ankerloos, emosioneel onstabiel, seksueel promisku, minder idealisties en meer krities ten opsigte van morele waardes en moraliteit (Louw *et al.*, 1998:390).

Die spesifieke manier waarop moraliteit en dit wat daarmee saamhang, in die lewens van adolessente gevind word, word deur Berkowitz (2005:77) aangetoon as die rede waarom tieners nie die gevolge verstaan van die besluite wat hulle uitvoer nie. Hiermee gaan gepaard die argument van Saelen en Markovits (2008:54) dat situasies waarin morele keuses gemaak moet word van nature kompleks is en dat die verstaan van gedrag wat in hierdie situasies openbaar word, afhang van die kennis wat die individu het van 'n groot verskeidenheid sisteme. Een van hierdie sisteme is die emosionele verwagting wat die individu koester in verband met die morele besluite wat geneem moet word.

Swart (2004:68) het bevind dat as deel van menslike ontwikkeling, adolessente se morele redenasievermoë ontwikkel tot die konvensionele vlak van morele redenering. Hierdie vlak behels dat die individu sy/haar morele perspektief verander om te konformeer met persoonlike verwagtinge en die sosiale orde ten opsigte van groepsdruk en persepsies in die media. Met bogenoemde faktore in ag genome is dit duidelik dat die besluitnemingskriteria rakende moraliteit vir adolessente problematies kan wees.

2.2 Moraliteit

Prins (2001:105) verklaar *moraliteit* as die individu of gemeenskap se vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad en om volgens hierdie onderskeid te handel. Indien die konsep in verhouding met die Christelike geloof geplaas word, met ander woorde *Christelike moraliteit*, omskryf Prins (2001:105) dit as die resultaat van die mens se verhouding met God drie-enig en die soeke na Sy wil en indirek die ken en doen daarvan.

Moraliteit word beskou as 'n belangrike komponent van enige geloof. Goeie gedrag, wat gebore word uit moraliteit is nie net sigbaar nie, maar raak ook ander mense se lewens en het gevolge, wat dit 'n belangrike komponent van enige lewensuitkyk en geloof maak. Moraliteit, of dan sosiaal aanvaarbare gedrag, is 'n universele aspek van geloof juis omdat dit die sigbaarste komponent is (Brill, 1979:4). As gevolg van die mislukking van die modernisme om bevredigende antwoorde op lewensvrae te verskaf en die onsekerhede binne moraliteit wat die gevolg is hiervan, is mense op soek na nuwe vorme van waarheid (Steyn & Lotter, 2006:541).

Die morele verval in die Postmoderne era het reeds 'n negatiewe invloed op die gemeenskappe in Suid-Afrika (Coetzee, 2002:3). Weens die afname in moraliteit is daar hoër misdaadsyfers wat die vertroue van buitelandse beleggers knou en daarom die land se ekonomie, wat 'n direkte invloed op die gemeenskap het, benadeel (Coetzee, 2002:3). Seksuele ongebondenheid is tipies van individue wat postmodernistiese moraliteit aanhang (Steyn & Lotter, 2006:538). Gepaard hiermee is die uitwerking van MIV en VIGS ook duidelik

waarneembaar deurdat meer en meer kinders sonder ouers gelaat word – diegene wat verantwoordelik moet wees vir die morele opvoeding van kinders (White & Matawie, 2004:219). Internasionaal word alreeds erken dat die invloed van MIV en VIGS negatiewe gevolge vir die etiese ontwikkeling van die jeug inhou, veral die van minderheidsgroepe (Goggin *et al.* 2007:124).

2.3 Invloede op moraliteit

Verskeie faktore kan 'n invloed hê op die ontwikkeling van moraliteit by adolessente. Swart (2004:69) het 'n verband gevind tussen die *lokus van kontrole* van die individu en die vlak van morele ontwikkeling. Individue met 'n interne lokus van kontrole het 'n hoër vlak van morele ontwikkeling getoon en die met 'n eksterne lokus van kontrole 'n laer vlak van morele ontwikkeling.

Coetzee (2002:2-4) het die volgende faktore geïdentifiseer wat die ontwikkeling en uitdrukking van moraliteit by tieners beïnvloed:

- Die *graad van empatie* wat die individu teenoor ander toon, aangesien empatie morele gedrag bevorder.
- Die *omgewing* waarin die individu sy/haar opvoeding ontvang vanweë die bevinding dat opvoeding en logiese denke direk met die vlak van morele redenering gekoppel kan word. Juis daarom word adolessente wat deur swak opvoeding benadeel word, ook ten opsigte van hul morele ontwikkeling benadeel.
- Die morele redenering van adolessente tussen die ouderdomme 13 en 16 jaar word grootliks bepaal deur die *sosiale aanvaarding* wat die morele redenering tot gevolg het.
- Die *familie en tuiste omgewing* speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van moraliteit by adolessente.
- Moraliteit en *ouderdom* is verwant aan mekaar deurdat die ontwikkeling van moraliteit in fases ingedeel kan word ooreenkomstig spesifieke ouderdomme. Namate die individu in jare vorder, word die wyse van argumentering en redenering voortdurend verander en aangepas.
- Persepsies van moraliteit sowel as die ontwikkeling van moraliteit verskil tussen *kulture* en tussen *etniese groepe*.
- Daar is ook individuele verskille in *geslag* ten opsigte van morele redenering.
- Daar is sterk ooreenkomste tussen *geloof* en moraliteit. Die frekwensie van geloofspraktyke het 'n impak op die moraliteitsvlak van die individu. Geloof het dus 'n direkte invloed op morele ontwikkeling asook op moraliteit.

- Coetzee (2002:16) het ook bevind dat individue wat reeds *seksueel aktief* was, beduidend laer moraliteitsvlakke behaal het en dat die wat reeds seksueel aktief is, moraliteit en goeie gedrag as meer relatief beskou as die wat nie seksueel aktief is nie.

Die postmodernistiese generasie is ook meer *skepties oor die toekoms*. Vriendskaps- en gesinsverhoudings is die grootste slagoffers van die postmodernistiese leefstyl en om die *pyn van mislukte verhoudings* te verwerk is 'n kenmerk van postmodernistiese adolessente (Steyn & Lotter, 2006:105).

Soos reeds vooraf genoem, is daar 'n verband tussen moraliteit en geloofsoortuiging deurdat geloofsoortuiging dien as die fondament vir en van moraliteit, met ander woorde die Christelike geloofsoortuiging dien as fondament vir Christelike moraliteit (Prins, 2001:105; Brill, 1979:4; Wright, 2003:72). Vir menige individu is die waardes wat deel uitmaak van hul geloofsoortuiging die bron van morele besluitneming en die lering van die spesifieke geloof het 'n invloed op die individu se waardes asook op sy/haar besluite (Odimegwu, 2003:126). Beide Meier (2003:1032) en Mash (2006:44) het bevind dat geloofsoortuiging en die betrokkenheid by geloofspraktyke negatief beïnvloed word deur die betrokkenheid by seksuele aktiwiteite. Adolessente wat seksueel aktief is, het verlaagde moraliteitsvlakke sowel as geloofservaring en geloofsbetrokkenheid getoon, vergeleke met adolessente wat nie seksueel aktief is nie. (Mash, 2006:44; Meier, 2003:1032; Coetzee, 2002:16).

2.4 Geloofsoortuiging en Seksuele aktiwiteit

Navorsing in die VSA aangaande die verband tussen geloofsoortuiging en seksuele betrokkenheid onder adolessente het gevind dat geloofsoortuiging 'n definitiewe invloed op seksuele gedrag het. Hardy en Raffaelli (2003:732) het gevind dat adolessente wat 'n spesifieke geloofsoortuiging koester en betrokke is by geloofspraktyke veel later seksueel aktief raak en dat toename in betrokkenheid by geloofspraktyke seksuele aktiwiteit laat afneem waar van toepassing. Dit word toegeskryf aan die teorie dat adolessente wat 'n geloofsoortuiging aanhang waarin voorhuwelikse seksuele aktiwiteit as immoreel beskou word, nie "goed genoeg" voel om die geloofsoortuiging uit te leef nie. Om hierdie minderwaardigheid te voorkom word 'n kognitiewe besluit geneem om die gedrag te verander. In hierdie geval besluit die adolessent om nie seksueel aktief te wees nie (Hardy & Raffaelli, 2003:732). Alhoewel hierdie studie gevind het dat geloofsoortuiging 'n negatiewe effek op seksuele aktiwiteit by adolessente toon deurdat dit seksuele aktiwiteit laat afneem, het dit geen bewyse gelewer dat geloofsoortuiging seksuele aktiwiteit voorkom nie (Hardy & Raffaelli, 2003:737).

Hierdie bevindinge sluit aan by die tendens wat McCree *et al.* (2003:6) geïdentifiseer het, naamlik dat jong vroue binne die VSA, wat 'n hoër graad van betrokkenheid by geloofspraktyke getoon het, 'n laer kans gestaan het om seksueel oordraagbare siektes te kry omdat hulle onveilige seksuele aktiwiteite vermy het en 'n positiewe gesindheid openbaar het teenoor die gebruik van kontrasepsie tydens seksuele aktiwiteit. Die studie het egter nie bewys dat betrokkenheid by geloofspraktyke seksuele aktiwiteit voorkom nie.

Meier (2003:1032) het in 'n studie onder Amerikaanse adolessente gevind dat geloofsoortuiging 'n invloed het op die betrokkenheid van adolessente by seksuele aktiwiteite, maar ook dat seksuele aktiwiteit 'n negatiewe invloed het op die betrokkenheid by geloofspraktyke en geloofsoortuiging.

Hierdie tendens is ook gevind in Nigerië waar navorsing getoon het dat verhoogde betrokkenheid by geloofspraktyke 'n invloed gehad het op die inisiëring van seksuele aktiwiteite onder adolessente (Odimegwu, 2003:137). Sekere aspekte van geloofsoortuiging, spesifiek die geloofsoortuiging se siening aangaande voorhuwelikse seksuele aktiwiteit, het ook 'n invloed op die houdings teenoor en betrokkenheid by, seksuele aktiwiteite. Navorsing in Botswana onder adolessente wat lid is van die Sewedaagse Adventiste Kerk het getoon dat 'n groot getal van die kerk se jeug seksueel aktief is, alhoewel seksuele aktiwiteit voor die huwelik teen die lering van die kerk is (Orapeleng, 2002:11).

Die situasie in Suid-Afrika toon dat die tendens van adolessente om betrokke te raak by seksuele aktiwiteite ook hier teenwoordig is, ten spyte van dit wat hul geloofsonderrig is. Mash (2006:43) het gevind dat die seksuele aktiwiteit van adolessente wat betrokke is by geloofspraktyke nie verskil van die van adolessente wat nie daarby betrokke is nie. Hierdie navorser (Mash, 2003:43) het aangedui dat 'n groot getal gelowige adolessente betrokke is by seksuele aktiwiteite (Mash, 2003:43). Alhoewel die meeste adolessente wat deelgeneem het aan hierdie studie, bewus was van die geloofsgemeenskap se verbod op voorhuwelikse seksuele aktiwiteit was daar steeds geen verskil tussen die seksuele aktiwiteite van adolessente binne die geloofsgemeenskap en daarbuite nie (Mash, 2006:59).

3. PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande blyk dit dat seksuele aktiwiteit onder gelowige adolessente teenwoordig is ten spyte van die feit dat spesifieke geloofsoortuigings voorhuwelikse seksuele aktiwiteit as immoreel beskou. Christelike moraliteit, met die Christelike geloofsoortuiging as fondament, is gekant teen voorhuwelikse seksuele aktiwiteit. Ten spyte van hierdie teenkanting is sommige Christen adolessente steeds seksueel aktief.

Weens die verskil tussen die voorgehoue moraliteit van adolessente wat veronderstel is om optrede volgens 'n bepaalde geloofsoortuiging te rig en die seksuele aktiwiteite van adolessente, is dit nodig om te ondersoek wat die morele raamwerk van adolessente se morele besluite werklik is, veral met betrekking tot seksuele aktiwiteite. Die vraag wat dus ontstaan is: Wanneer adolessente gebruik maak van 'n etiese besluitnemingsraamwerk, wat is die elemente van hierdie raamwerk en wat is die invloed van hul geloofsoortuiging op hierdie besluitnemingsraamwerk?

Die individuele probleme wat in die oplossing hiervan ondersoek en aan 'n besluitnemingskriteria, *gebou op 'n Christelik-etiese siening van seksualiteit*, gemeet gaan word, is:

1. Wat is die etiese besluitnemingsraamwerk wat adolessente aanwend om besluite te neem met betrekking tot deelname aan seksuele aktiwiteit?
2. Wat is die elemente waaruit hierdie etiese besluitnemingsraamwerk bestaan?
3. Wat is die invloed van adolessente se geloofsoortuiging, spesifiek die Christelike geloofsoortuiging, op hul etiese besluitnemingsraamwerk?
4. Is daar leemtes in die etiese besluitnemingsraamwerk en wat kan die adolessent se geloofsgemeenskap doen om hierdie leemtes te vul?

4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doel van hierdie studie is om te bepaal in watter mate adolessente 'n etiese besluitnemingsraamwerk aanwend en wat die invloed van hul geloofsoortuiging en/of geloofservaring op hierdie raamwerk is, veral ten opsigte van seksuele aktiwiteit, asook hoe die geloofsgemeenskap (kerk) hierdie raamwerk ten goede of ten kwade beïnvloed. Die doelstellings van die navorsing sluit in hierdie studie die volgende in:

1. Die identifisering van die etiese besluitnemingsraamwerk by adolessente;
2. Die elemente waaruit hierdie etiese besluitnemingsraamwerk by adolessente bestaan;
3. Om die invloed van geloofsgemeenskappe, spesifiek die Christelike geloofsgemeenskap, ten opsigte van die vorming van 'n etiese besluitnemingsraamwerk te bepaal; en
4. Om leemtes te identifiseer wat deur die geloofsgemeenskap (kerk) gevul kan word om sodoende die geloofslering en die etiese raamwerk van adolessente met mekaar te versoen.

5. SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Gelowige adolessente is, ten spyte van hul geloofstradisie se uitsprake oor seksuele aktiwiteite, steeds daarby betrokke. Dit bewys dat daar ontbrekende elemente (leemtes) is in die etiese besluitnemingsraamwerk van gelowige adolessente en dat hul geloofsgemeenskap nie hierdie leemtes effektief vul nie.

6. METODOLOGIE

Vanweë die sensitiwiteit rakende die onderwerp van adolessente se seksuele aktiwiteite is daar op 'n metodologie besluit wat buite die meer konserwatiewe benaderings tot hierdie onderwerp val.

“*Participant observation research*” oftewel deelnemerobservasie-navorsing (eie vertaling) is 'n breë term vir 'n wye verskeidenheid benaderings wat die deelnemers aan die studie mag (*power*) gee om ook voordeel te trek uit die navorsing (Jason *et al.*, 2004:4). Deelnemerobservasie-navorsing (DON) word beskryf as 'n kwalitatiewe navorsingsprosedure wat die natuurlike en alledaagse opset van 'n spesifieke gemeenskap of situasie bestudeer (Strydom, 2002:280). Reason (1998:269) redeneer dat die belangrikste aspek van DON daarin lê dat dit aan alle lede van die gemeenskap wat aan die navorsing deelneem “duidelikheid en insig” bring deurdat die deelnemers die navorsingresultate onmiddellik sien en ervaar en hulle die situasie dienooreenkomstig kan aanpas.

Met die keuse op hierdie metodologie word daar gepoog om twee doelwitte te bereik: ten eerste om kennis, insig en bewustheid oor 'n sekere aspek aan die deelnemers, maar ook aan die navorser, te gee en tweedens om die deelnemers en die navorser te bemagtig op 'n vlak waar hulle bewus word van hul eie kennis (Reason, 1998:269).

As deel van hierdie spesifieke metode, is 'n werkwinkel deur die *African Religious Health Assessment Programme* (ARHAP) ontwerp om spesifiek die verhouding tussen adolessente seksuele aktiwiteit, gesondheid en geloof te bestudeer. Die werkwinkel is ontwikkel deur lede van ARHAP met bogenoemde fokus en word met toestemming in hierdie studie gebruik (sien Addendum A).

Die werkwinkel fokus daarop om inligting aangaande die volgende in te samel:

- Adolessente se inligtingsbronne oor seksualiteit.
- Die inhoud van geloofsgemeenskappe se boodskappe aan adolessente oor seksualiteit.
- Die persepsies aangaande seksuele aktiwiteite van adolessente

- Die skep van 'n kontinuum van seksuele aktiwiteite.
- Kenmerkende eienskappe van 'n gesonde seksuele leefstyl.
- Die identifisering van struikelblokke om 'n gesonde seksuele leefstyl te bewerkstellig.

Die spesifieke implikasies en metodes van die werkwinkel sal in die metodologie-hoofstuk verder bespreek word.

Die interpretasie van bogenoemde data sal 'n etiese besluitnemingsraamwerk van gelowige adolessente weergee. Die invloed van die Christelike geloofsgemeenskap asook die leemtes in adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk wat deur die geloofsgemeenskap gevul kan word, sal ook deur die interpretasie van die data na vore kom.

7. HOOFSTUKINDELING

1. Inleiding
2. Die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteit: 'n Literatuuroorsig
3. Deelnemerobservasie as navorsingsmetodologie
4. Die invloed van adolessente se geloofsgemeenskap op hul etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteite
5. Samevattings, gevolgtrekking en aanbevelings
6. Bronnelys en Bylaes

8. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK

<u>PROBLEEMSTELLING:</u>		
Wanneer adolessente 'n etiese besluitnemingsraamwerk aanwend, wat is die elemente van hierdie raamwerk en wat is die invloed van hul geloof op hierdie besluitnemingsraamwerk?		
<u>NAVORSINGSVRAAG</u>	<u>DOELSTELLINGS</u>	<u>METODOLOGIE</u>
Wat is die etiese besluitnemingsraamwerk wat adolessente aanwend om besluite te neem met betrekking tot seksuele aktiwiteit?	Identifiseer die etiese besluitnemingsraamwerk wat adolessente aanwend om besluite te neem met betrekking tot seksuele aktiwiteit.	'n Literatuuoroorsig oor adolessente se seksuele aktiwiteite en moraliteit in verhouding tot 'n etiese besluitnemingsraamwerk.
Wat is die elemente waaruit hierdie etiese besluitnemingsraamwerk bestaan?	Identifiseer die elemente waaruit die etiese besluitnemingsraamwerk by adolessente bestaan	Interpretasie van die ARHAP-werkswinkel
Wat is die invloed van adolessente se geloof op hul etiese besluitnemingsraamwerk?	Bepaal die invloed van geloofstradisies, spesifiek die Christelike geloofstradisie, op die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteit.	Interpretasie van die ARHAP-Werkswinkel
Is daar leemtes in die etiese besluitnemingsraamwerk; en wat kan die adolessent se geloofsgemeenskap doen om hierdie leemtes te vul?	Identifiseer leemtes in die etiese besluitnemingsraamwerk wat deur die geloofsgemeenskap van die adolessent gevul kan word om sodoende die geloofslering en die morele besluitneming van adolessente met mekaar te versoen	Vergelyk die interpretasie van die ARHAP-werkswinkel met die geloofsgemeenskap en die Skrif beginsels aangaande seksuele aktiwiteite van adolessente.

HOOFSTUK 2: DIE ETIESE BESLUITNEMINGSRAAMWERK VAN ADOLESSENTE MET BETREKKING TOT SEKSUELE AKTIWITEIT: 'n LITERATUUROORSIG

1. INLEIDING

Ten einde die navorsingsvrae effektief te beantwoord moet daar verdere konteks oor die rol van geloofsoortuiging en 'n etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteite by adolessente duidelik aangetoon word.

Vervolgens word daar na reeds bestaande literatuur verwys in 'n poging om 'n duideliker prentjie te verkry van adolessente se morele en seksuele ontwikkeling, die seksuele aktiwiteite van adolessente en die invloed van adolessente se geloofsoortuiging op die etiese besluitnemingsraamwerk.

'n Christelik-etiese perspektief aangaande seksuele aktiwiteit word gebruik om adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk te kontekstualiseer, waarna sekere gevolgtrekkings uiteengesit word.

2. MENSLIKE ONTWIKKELING TYDENS ADOLESSENSIE

Adolessensie is binne menslike ontwikkeling 'n tydperk van kognitiewe en fisiese groei wat plaasvind tussen die ouderdomme 12 en 19 jaar. Dit word gekenmerk deur verskeie fisiese veranderinge, waarvan seksuele rypwording of seksuele ontwikkeling die opvallendste kenmerk is (Louw *et al.*, 1998:388). Verdere ontwikkeling binne adolessensie is kognitiewe ontwikkelinge met betrekking tot operasionele, wetenskaplike en absolute denke, die ontwikkeling van persoonlikheid, die ontwikkeling van sosiale verhoudings wat romantiese en portuurgroep-verhoudings insluit en die ontwikkeling van moraliteit (Louw *et al.*, 1998:464). As deel van hierdie huidige navorsing word vervolgens gefokus op adolessente se seksuele en morele ontwikkeling.

2.1 Seksuele ontwikkeling tydens Adolessensie

Soos reeds genoem is seksuele rypwording (adolessensie) een van die dramatieste ontwikkelinge wat by die mens voorkom (Louw *et al.*, 1998:394). Seksuele ontwikkeling val saam met 'n verskeidenheid fisiese veranderinge wat in die liggaam van die adolessent plaasvind. Hierdie ontwikkelingsfase word gekenmerk deur vinnige fisieke ontwikkeling wat van individu tot individu verskil. 'n Verskeidenheid faktore kan 'n invloed op die fisieke ontwikkeling

van adolessente hê, soos gene, die omgewing, hormoonvlakke, algehele gesondheid en dieet (Greathead *et al.*, 2008:3).

Eksterne liggaamlike veranderinge sluit in die skielike groei van ledemate, en die vergroting van die heupe en ontwikkeling van borste by meisies. Toename in liggaamshare asook die voorkoms van sweet kan opgemerk word. Soortgelyke eksterne veranderinge vind by seuns plaas, asook 'n verandering in stemtoon, wat nie by meisies waargeneem word nie (Greathead *et al.*, 2008:4). Met die voltooiing van hierdie ontwikkelingsfase is die voortplantingsorgane klaar ontwikkel en kan konsepsie plaasvind. Hierdie tendens is in ooreenstemming met veranderinge wat deur Louw *et al.* (1998:392) gevind is.

Interne veranderinge, veral van die geslagsorgane, vind ook plaas. By seuns gaan hierdie veranderinge gepaard met die testes wat vergroot en die hormoon testosteroon begin produseer. Testosteroon is verantwoordelik vir gelaatstrekke wat geassosieer word met 'n manlike volwassene asook die produksie van sperm. By meisies is dit nie alleenlik die borsweefsel wat ontwikkel en vergroot nie, maar die voortplantingsorgane soos die fallopiusbuis, en die uterus bereik ook seksuele volwassenheid en ovulasie en menstruasie begin gedurende hierdie ontwikkelingsfase (Greathead *et al.*, 2008:20). Hierdie ontwikkeling het tot gevolg dat die adolessent seksuele gevoelens ervaar wat ook 'n impak op die kognitiewe en emosionele aspekte van die individu het (Greathead *et al.*, 2008:15).

By beide geslagte kan bogenoemde veranderinge slegs plaasvind indien die hormoonbalans reg is. Hierdie balans word deur die hipotalamus beheer wat op die basis van die brein geleë is en die hormone afskei wat spesifiek verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die geslagsorgane (Greathead *et al.*, 2008:7). Probleme met die hipotalamus kan ook ontwikkeling in die kognitiewe en emosionele vlakke van adolessente ontwikkeling tot gevolg hê (Louw *et al.*, 1998:392).

Hierdie veranderinge vind plaas binne 'n uiters belangrike tydperk van menslike ontwikkeling omdat dit gelyktydig met die ontwikkeling van morele waardes plaasvind. Adolessente ontwikkel ook 'n persoonlike waardestelsel tydens hierdie fase van menslike ontwikkeling. Die ontwikkeling van hierdie persoonlike waardestelsel bied riglyne vir adolessente se gedrag en help adolessente om sosiaal en moreel verantwoordelike gedrag te openbaar (Louw *et al.*, 1998:392). Die feit dat hierdie twee ontwikkelingsfases gelyktydig plaasvind, bepaal dat die fisieke ontwikkeling van adolessente 'n invloed moet hê op die morele ontwikkeling. Daarom word die fisieke ontwikkeling van adolessente in die huidige studie in sy verhouding tot morele ontwikkeling geplaas.

2.2 Morele ontwikkeling tydens adolessensie

Buiten die fisiese veranderinge wat plaasvind tydens die adolessente ontwikkelingsfase, bevat hierdie fase ook kognitiewe veranderinge wat minder opvallend is en binne kulturele konteks 'n groter verskeidenheid toon as die normale fisiese ontwikkeling (Louw *et al.*, 1998:417). Hierdie veranderinge is sigbaar in die emosionele verandering wat adolessente ondergaan, asook hul vermoë tot formeel-operasionele denke. Verder kan adolessente in hierdie fase ook as egosentrië beskou word, omdat hulle die fokus nie van hulleself af kan verskuif nie. Die verandering in die kognitiewe vermoëns het ook 'n impak op adolessente se reeds bestaande verhoudings asook die verhoudings (romanties of portuurgroep) wat nog kan volg. Ingesluit by kognitiewe ontwikkeling in hierdie fase is persoonlikheidsontwikkeling, die selfkonsep van die adolessent, emosies en sosiale veranderinge (Louw *et al.*, 1998:423-464). Laastens is kognitiewe ontwikkeling ook die grondslag van die ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel wat riglyne vir die gedrag van die adolessent bied. Dit staan bekend as die morele ontwikkeling van die adolessent (Louw *et al.*, 1998:464).

2.3 Teorieë in Psigologie ten opsigte van die morele ontwikkeling van die mens

Binne die psigologiese dissipline word drie hoofteorieë oor die morele ontwikkeling van die mens aanvaar. Eerstens is daar die *Psigoanalitiese teorie*, wat bepaal dat die superego dien as die morele aard van die mens se onderbewussyn. In hierdie teorie word daar in die algemeen aanvaar dat die superego en die gewete binne die psige van die mens dieselfde metafisiese konstruksie is (Meyer *et al.*, 2002:55).

Tweedens verwys Louw *et al.* (1998:465) na die *Sosialeleer-teorie*, wat bepaal dat morele waardes en gedrag aangeleer word deur nabootsing en waarneming van betekenisvolle modelle (ouers of ander gesagsfigure). Op hierdie wyse word nie alleen morele standaarde nie, maar ook kulturele waardes van een generasie na die ander oorgedra. Tog is dit belangrik om te noem dat die morele waardes wat waargeneem is van ouers en ander gesagsfigure nie meer tydens adolessensie so maklik aanvaar word nie (Louw *et al.*, 1998:465).

Laastens word die *kognitiewe siening van morele ontwikkeling van Lawrence Kohlberg* (1976) gebruik om die ontwikkeling van moraliteit by adolessente te verduidelik. Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling bou voort op die argument van Piaget (*in* Slavin, 2006:51). Piaget (1971) redeneer dat die kognitiewe ontwikkeling van 'n individu die resultaat is van die individu se interaksie met sy/haar omgewing.

Op grond hiervan is Piaget van mening dat die mens se kognitiewe ontwikkeling in vier verskillende periodes plaasvind (Louw *et al.*, 1998:77):

- Sensories-motoriese periode (tussen geboorte en die ouderdom van 2 jaar);
- Pre-operasionele periode (tussen die ouderdomme 2 en 7 jaar);
- Konkreet-operasionele periode (7 tot 11 of 12 jaar);
- Formeel-operasionele periode (adolessensie).

Piaget redeneer dat die *formeel-operasionele periode*, wat tydens adolessensie plaasvind, die hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling is en dat daar geen verder kognitiewe ontwikkeling plaasvind na hierdie periode nie. Tydens hierdie periode ontwikkel adolessente die vermoë om beide logies en abstrak te dink en kan hulle deduktief (van die algemene na die spesifieke) en induktief (van die spesifieke na die algemene) redeneer (Louw, 1998:82). Die belangrikste kenmerke van formeel-operasionele denke is dat dit nie gebonde is aan konkrete voorwerpe nie, maar dit kan ook abstrakte dinge, moontlikhede en hipoteses hanteer. Adolessente kan dus nou dink/redeneer ooreenkomstig dit wat kan of mag wees, wat nie in die vorige periodes, volgens Piaget, moontlik was nie (Louw *et al.*, 1998:82).

Piaget redeneer verder dat die kognitiewe strukture en vermoëns eerste ontwikkel wat dan die individu se redenasievermoë in sosiale situasies bepaal. Hierdie ontwikkeling vind in 'n spesifieke volgorde plaas, vanaf 'n egosentriese wyse van morele redenering tot 'n metode van morele redenering wat gebaseer is op 'n sisteem van regverdigheid en samewerking (Slavin, 2006:51). Piaget identifiseer twee vlakke in die ontwikkeling van moraliteit. Die eerste vlak is die van heteronome moraliteit of morele realiteit. Dit bepaal dat die individu se moraliteit bepaal word deur reëls en regulasies wat deur ander ingestel word. Gedurende hierdie fase word die individu omring deur ouers en ander volwassenes wat vir hom/haar sê wat om te doen en hoe om op te tree (Slavin, 2006:52). Die tweede vlak staan bekend as outonome moraliteit. Dit vind plaas omdat die individu se sosiale omgewing vergroot en meer van die individu se portuurgroep insluit. Deur interaksie met ander individue verander die individu se persepsie van reëls en regulasies en daarom verander die individu se persepsie van moraliteit (Slavin, 2006:53).

Kohlberg (1976:34-35) bepaal dat die morele ontwikkeling op drie vlakke plaasvind wat elkeen uit twee stadia bestaan. Hierdie vlakke van morele ontwikkeling bou voort op die argument van Piaget (*in* Slavin, 2006:51) se vlakke van kognitiewe ontwikkeling. Vanuit Piaget se teorie redeneer Kohlberg (1976:34-35) dat die mens deur ses fases, twee op elke vlak, van morele oordeel of beredenering vorder. Die eerste vlak van moraliteit, Pre-konvensionele moraliteit, word alreeds gedurende die kinderjare bereik, ten spyte van individuele verskille. Vlak II:

Konvensionele moraliteit word deur die meeste adolessente en volwassenes bereik, maar min volwassenes bereik Vlak III: Post-konvensionele moraliteit. Vanweë die aard van hierdie studie word vervolgens slegs gefokus op Vlak II: Konvensionele moraliteit.

Op hierdie vlak konformeer die individu met die sosiale orde en die verwagtings van ander. Die implikasies hiervan is dat die individu se morele standaard ekstern beheer word. Dit beteken dat, ten spyte van die onmiddellike gevolge, die individu sal konformeer met die morele verwagtings van ouers, portuurgroepe en ander sosiale groepe (Louw *et al.*, 1998:466). Kohlberg (1976:32) noem ook dat 'n individu op hierdie vlak die self geïdentifiseer het en dat die reëls en verwagtings van ander, veral gesagsfigure, geïnternaliseer is (Kohlberg, 1976:33). Soos reeds genoem, word elke vlak in twee stadia verdeel met die tweede stadium wat 'n meer gedetailleerde perspektief van die spesifieke vlak is (Kohlberg, 1976:33). Stadia 3 en 4 word deur Louw *et al.* (1998:381) opgesom as moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit (Stadium 3) en moraliteit van sosiale sisteme en gewete (Stadium 4). Dit word voorgestel in Tabel 2.1 (Aangepas uit Louw *et al.*, 1998:381):

Tabel 2.1: Kohlberg se moraliteitsvlakke.

Vlak I: Pre-konvensionele moraliteit	Vlak II: Konvensionele moraliteit	Vlak III: Post-konvensionele moraliteit
<p><i>Stadium 1:</i> Heteronome moraliteit.</p> <p><i>Stadium 2:</i> Individualistiese moraliteit</p>	<p><i>Stadium 3:</i> Moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit.</p> <p><i>Stadium 4:</i> moraliteit van sosiale sisteme en gewete.</p>	<p><i>Stadium 5:</i> Moraliteit van sosiale ooreenkoms. Bruikbaarheid en individuele regte.</p> <p><i>Stadium 6:</i> Moraliteit van universele etiese beginsels</p>

Van die kritiek teen die teorie van Kohlberg, is dat dit net gebruik gemaak het van seuns in die ontwikkeling van die teorie. Navorsing op die morele beredenering van meisies het gevind dat hulle ander patrone openbaar as die wat deur Kohlberg voorgestel word. Waar seuns se morele beredenering gewoonlik gesentreer is om die sake van geregtigheid, neem meisies morele besluite eerder op grond van hul verantwoordelikhede teenoor ander en die omgee vir ander (Slavin, 2006:56). Hierdie verskil is egter nie so groot dat dit die model van Kohlberg in onbruik laat nie (Slavin, 2006:56).

Hierdie verduideliking van adolessente moraliteit word ook bevestig deur Swart (2004:68) wat bevind het dat adolessente op hierdie vlak hul eie morele perspektief verander om te konformeer met persoonlike verwagtings asook die sosiale orde ten opsigte van groepsdruk en

persepsies in die media. Die spesifieke wyse waarop moraliteit en die besluite wat daarmee geassosieer word in die lewens van adolessente gevind word, word deur Berkowitz (2005:77) aangevoer as die rede waarom tieners nie die gevolge verstaan van die besluite wat hulle neem nie. Verder voer Saelen en Markovits (2008:54) aan dat morele keuses uiteraard kompleks is en dat die verstaan van die gedrag wat in situasies waar morele keuses gemaak word, afhang van die individu se kennis aangaande 'n groot verskeidenheid kognitiewe, sosiale en morele sisteme.

Ten einde die bespreking van morele ontwikkeling tydens adolessensie af te sluit word vlugtig verwys na die laaste vlak van morele ontwikkeling volgens Kohlberg (1976). Vlak III: Post-konvensionele vlak van moraliteit, word slegs deur 'n klein aantal individue bereik. Die twee stadia binne hierdie vlak word beskryf as Moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte (Stadium 5), en Moraliteit van universele etiese beginsels (Stadium 6) (Louw *et al.*, 1998:381; Kohlberg, 1976:35 en Slavin, 2006:55).

Binne die konteks van Christelike moraliteit, sal die individu wat Stadium 6 bereik, moraliteit volgens Christelik-etiese beginsels beoefen wat in praktyk 'n groter impak tot gevolg sal hê, veral indien hierdie stadium die vorming van 'n eie etiese besluitnemingsraamwerk beïnvloed, veral met betrekking tot adolessente se besluite aangaande seksuele aktiwiteite. Indien adolessente nie hierdie vlak bereik nie, is dit moontlik dat die Christelik-etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteit, nie van toepassing op adolessente kan wees nie, omdat hierdie stadium van morele ontwikkeling buite hul bereik lê.

3. INVLOEDE OP ADOLESSENTE MORALITEIT

Moraliteit behels nie net die individu se morele besluite nie, maar ook die morele gedrag wat deur die individu geopenbaar word. Hierdie argument spruit voort uit Price Tangney (2003:385-386) se verduideliking van moraliteit en die drie verskillende aspekte waaruit dit bestaan.


Eerstens bestaan moraliteit uit die individu se eie morele standarde. Hierdie morele standarde word deur die individu se kulturele konteks bepaal en hou verband met die morele waardes wat in die spesifieke kultuur aanvaar word (Price Tangney, 2003:385). Dit is in ooreenstemming met Larney en Lotter (2005:663) se bevinding dat etiese en morele waardes verstaan kan word as die riglyne waarvolgens individue verantwoordbare en sosiaal aanvaarbare besluite neem.

Die tweede aspek wat morele besluite en gevolglik morele gedrag beïnvloed, is die proses van morele beredenering wat die individu ondergaan (Price Tangney, 2003:385). Hierdie proses is

eksklusief kognitief, en individuele verskille word bepaal deur die individu se morele ontwikkeling, soos uiteengesit deur Kohlberg (1976). Singer (1999:155) voer aan dat die sentrale deel van die kognitiewe ontwikkeling van moraliteit in die idee geleë is dat nie net moraliteit in die geheel nie, maar veral morele beredenering primêr funksies van intellek is en dat dit beskryf kan word as beredenering in 'n soeke na regverdigheid.

Laastens word morele affek omskryf as die motivering agter die individu se behoefte om eerder die regte besluit te neem as die verkeerde (Price Tangney, 2003:386). Prins (2001:105) beskryf hierdie verskynsel as die individu of gemeenskap se vermoë om tussen goed en kwaad te onderskei en hiervolgens op te tree. Deel van morele affek kan volgens Singer (1999:156) ook die fokus wees op verhoudings met ander individue en die empatie wat teenoor ander individue betoon word. Die emosies wat deur die betrokke partye by die individu aangewakker word, gaan dus ook 'n invloed op die morele besluit hê.

Hiervolgens kan geredeneer word dat individuele moraliteit uit die individue se morele standaarde, morele beredenering en morele affek bestaan, wat saam verantwoordelik is vir die individu se morele besluite wat lei tot morele gedrag, soos voorgestel deur Figuur 1 (Aangepas uit Price Tagney, 2003:385).



Figuur 2.1: Skematiese voorstelling van moraliteit

Na aanleiding van hierdie argument word verskillende faktore bespreek wat 'n invloed op die individu se morele standaarde, morele beredenering en morele affek kan uitoefen wat weer die individu se moraliteit kan beïnvloed.

3.1 Die Postmodernisme

Die mislukking van modernisme en die noodgedwonge vordering na 'n postmodernistiese wêreldvisie het verreikende gevolge vir adolessente (Steyn & Lotter, 2006:543). Weens die feit dat daar verskeie lewensvrae bestaan wat nie voldoende deur die modernisme beantwoord kon word nie, is een van die kenmerke van die postmodernisme, die mens en veral dan adolessente se soeke na nuwe vorme van waarheid. Postmodernisme word gekenmerk deur 'n verandering in 'n verskeidenheid tendense wat voorheen nie bevraagteken is nie. Steyn en Lotter (2006) groepeer hierdie tendense in drie vlakke, naamlik Makro-, Meso- en Mikrotendense van die postmodernisme.

Onder Mikrotendense van die postmodernisme word die belangrikheid van verhoudings vir adolessente veral opgemerk. Adolessente is op soek na betekenisvolle verhoudings wat gepaard gaan met 'n soeke na aanvaarding en intimiteit, ten spyte van die feit dat hulle nie oor die vermoëns beskik om hierdie verhoudings te bewerkstellig nie (Steyn & Lotter, 2006:543). Vriendegroepe word dikwels beskou as belangriker as gesinne en die min betroubare verhoudings waarin adolessente hulle bevind, word beklemtoon. Juis in hierdie soeke na aanvaarding word moraliteit agterweë gelaat, omdat die adolessent wil konformeer met die *status quo*, in oorleg met die vlak van konvensionele moraliteit, soos hierbo genoem, wat in die postmodernistiese era gebuk gaan onder morele verval.

Coetzee (2002:3) noem dat die morele verval van die postmoderne era alreeds 'n invloed op die gemeenskappe binne Suid-Afrika toon. Weens die afname in moraliteit is daar 'n hoër misdaadsyfer, wat die vertroue van internasionale beleggers in die land knou en 'n direkte invloed op die gemeenskappe het as gevolg van die invloed hiervan op die ekonomie. Die bevraagtekening van die bestaande gesagsfigure, asook die reëls en regulasies van die gemeenskap, is nie net 'n kenmerk van die morele ontwikkelingsvlak van adolessente nie, maar hierdie proses word ook erg benadeel deur die postmoderne wêreld wat gekenmerk word deur chaos en verwarring (Steyn & Lotter, 2006:545).

In reaksie op die outoritêre benadering van die modernisme, word die emansipasie van die kind in die postmodernisme oorbeklemtoon. Daar word dus vroeg reeds van die adolessent verwag om selfstandige keuses te maak, 'n verwagting waaraan hulle nie kan voldoen nie, omdat hulle nie daartoe in staat is nie (Prins, 2001:109). Verder is die Westerse samelewing ook besig om groter klem op jeugdigheid te plaas en volwassenheid te kritiseer. Dit het tot gevolg dat volwassenes langer jonger wil bly en soos jongmense wil optree. Die natuurlike onstabieleit wat

dus by adolessente aangetref word, is ook nou op die jeug van toepassing as 'n normale houding teenoor die lewe (Prins, 2001:110).

3.2 Enkele invloede op moraliteit

Buiten die postmodernistiese omgewing is daar verskeie ander faktore wat 'n invloed op die ontwikkeling van moraliteit by adolessente uitoefen. Die meeste adolessente sien moraliteit as 'n uitvloeisel van nadenke oor sosiale interaksie en die manifestasies daarvan verskil van persoon tot persoon. Hetsy moraliteit vir die adolessent afkomstig is van 'n stel ongeskrewe reëls, die wysheid van ondervinding, of die druk van portuurgroepe, word die aksie altyd beoordeel in verhouding toe die spesifieke konteks waarin die morele waarde aangetref word (Eyere *et al.*, 2001:12).

Dit sluit aan by wat Coetzee (2002:4) gevind het, naamlik dat persepsies van moraliteit sowel as die ontwikkeling van moraliteit grootliks beïnvloed word deur die verskille in individue se *kulturele konteks en etnisiteit*. Hierdie verskille lê in kulturele waardes en gedrag, wat deel uitmaak van die kulturele moraliteit. In ooreenstemming hiermee redeneer Swart (2004:68) dat, aangesien die meeste adolessente in die konvensionele vlak van morele redenering verkeer, hulle met die verwagtinge van die gemeenskap sal konformeer. Dit het tot gevolg dat die verwagtinge van die individu se groep, gesin of etniese groep nie alleen gehandhaaf en ondersteun word nie, maar dat die individu ook daarmee konformeer, ongeag die onmiddellike en logiese gevolge daarvan.

Hierdie verskynsel hou ook verband met 'n verdere invloed wat Coetzee (2002:3) identifiseer, naamlik *sosiale aanvaarding*. Die morele redenering van adolessente word grootliks bepaal deur die aanvaarding of verwerping wat hulle deur ander ervaar. Deur die groep se tendens te volg mag groter aanvaarding tot gevolg hê, ten spyte van die morele korrektheid al dan nie van daardie besluit. Dit sluit aan by Swart (2004:69) se bevinding dat adolessente wat oor 'n eksterne *lokus van kontrole* beskik, 'n laer vlak van morele ontwikkeling toon, in teenstelling met adolessente met 'n interne lokus van kontrole, wat hoër vlakke van morele ontwikkeling toon.

Die *ouderdom* van die adolessente speel ook 'n rol by die ontwikkeling van moraliteit. Die vlakke van morele redenering en ouderdom is direk verwant aan mekaar. Namate die individu ouer word, sal die wyse waarop gedink en redeneer word, verander, en daarvolgens sal die individu se morele redeneringsvermoë aanpas (Coetzee, 2002:3). In samehang hiermee moet ook genoem word dat daar 'n duidelike invloed deur *geslag* op die ontwikkeling van moraliteit voorkom. Coetzee (2002:4) het gevind dat daar duidelike verskille tussen vroulike en manlike respondente se vlakke van morele ontwikkeling is, met vroulike respondente wat hoër moraliteitsvlakke getoon het (Coetzee, 2002:15). Dit kan heel moontlik wees omdat vroulike

individue meer emosioneel as hul manlike eweknieë is (Coetzee, 2002:15). Soos reeds genoem, maak emosies deel uit van morele affek en die vlak van empatie wat die individu betoon.

Die rol van die *huislike en opvoedingsomgewing* is ook belangrik. Opvoeding en logiese vaardighede word geassosieer met die vlak van morele redenering wat 'n adolessent bereik. Adolessente wat in hul opvoeding benadeel word, word ook direk in hul morele ontwikkeling benadeel. Swak lewensomstandighede, oorbevolking en swak familiewaardes speel 'n sterk rol by die ontwikkeling van moraliteit by adolessente (Coetzee, 2002:3). Prins (2001:108) identifiseer ouers as die primêre agente vir geloofs- en waardevorming by adolessente. Die invloed van al die ander faktore kan eers verreken word indien die voorbeeld van die adolessent se ouers bestudeer word. Die sosialisering van moraliteit vind binne die konteks van die *gesin* plaas; daarom word die morele standaard waaraan die volwassenes in die gesin voldoen, juis die riglyne waarvolgens adolessente hul eie morele waardes meet (White & Matawie, 2004:221). Ouers en ander volwassenes huiwer om hul oortuigings duidelik uit te spel en aan die jeug voor te hou. In die lig van die huidige postmodernisme is hulle onseker van hul eie oortuigings. Hulle is ook onbekend met die adolessente se lewenswêreld en is daarom bang dat, indien hulle direk standpunt inneem, hulle die adolessente sal "verloor". Die gevolg hiervan is dat *konfrontasie en konflik eerder vermy word*. Hierdeur ontnem ouers adolessente die grense waarteen die adolessente hulself moet meet om 'n eie identiteit te ontwikkel en eie oortuigings te vorm (Prins, 2001:110).

Die natuurlike behoefte wat adolessente aan identiteit en intimiteit toon, bring mee dat veroorsaak dat *die media* 'n ongekeerde invloed op adolessente het. Waar behoeftes nie bevredig word nie, tree die media met ongekontroleerde boodskappe na vore as die instansie wat die behoeftes van adolessente bevredig. Die boodskap wat gekommunikeer word, dien egter dikwels as verdere vervreemding tussen adolessente en hul gesinne (Prins, 2001:112).

Laastens is dit interessant om te let op die bevinding van beide Coetzee (2002:16) en Mash (2006:43) dat adolessente se *seksuele aktiwiteit* 'n groot invloed op morele ontwikkeling toon. Individue wat erken hulle is seksueel aktief, het deurgaans laer moraliteitsvlakke getoon as die wat nie seksueel aktief was nie, ten spyte daarvan dat die wat wel seksueel aktief was, nie hul optredes moreel kon verdedig nie (Coetzee, 2002:16).

Benewens die invloed van die *postmodernisme*, wat reeds bespreek is, en *geloofsoortuiging*, wat hierna bespreek word, kan die invloede op adolessente moraliteit dus soos volg gelys word:

- Kulturele konteks & Etnisiteit;
- Sosiale aanvaarding;
- Lokus van kontrole;
- Ouderdom;
- Geslag;
- Huislike en Opvoedingsomgewing;
- Die adolessent se familie;
- Ouers se vermyding van konfrontasie;
- Die media;
- Seksuele aktiwiteit.

3.3 Die invloed van geloofsoortuiging op moraliteit

Dit is onmoontlik om die invloed van geloofsoortuiging op moraliteit te ontken. Augustinus (354-430 n.C.) het alreeds bepaal dat die mens nie morele besluite onafhanklik van sy geloofsoortuiging kan neem nie. Volgens Augustinus (*in* Vorster, 2004:70-71) is God die absolute goed en die geskape mens se bestaan, en goedheid word in die goedheid van God gevind. Augustinus begrond hierdie siening op die persepsie dat die goed in die mens slegs goed kan wees indien die mense se lewe bepaal word deur sy afhanklikheid van God en sy verhouding met God. Augustinus is dus van mening dat die motivering vir morele gedrag die soeke na geluk is en dat hierdie soeke afhanklik is van die individu se soeke na God, met ander woorde, die mens se geloofsoortuiging bepaal die gedrag wat hy openbaar.

Ook Luther vind dat Christelike moraliteit gegrond is in die individu se verhouding tot God. Luther baseer sy etiek (die teorie van menslike moraliteit) op die indikatiewe van God se genade waarin die gelowige sy vryheid behou onder leiding van die Heilige Gees deur die Bybel, die kerke en gebed om steeds die wil van God in 'n spesifieke situasie te ontdek (*in* Vorster, 2004:74).

Binne die Gereformeerde tradisie word gekyk na die bydrae van Calvyn. Calvyn (*in* Vorster, 2004:76) bepaal dat God se soewereiniteit die sentrale gedagte agter alles moet wees. Hiervolgens word die mens se gedrag bepaal deur hoe die glorie van God sigbaar is in die gedrag. Die mens moet dus 'n lewe van dankbaarheid openbaar op alle vlakke van die samelewing, ook in hul morele lewe.

Calvyn (*in* Vorster, 2004:76) redeneer ook vanuit die oogpunt van die *Imago Dei*, die feit dat die mens geskape is na die beeld van God. Hierdie wete, dat die mens geskape is "in dieselfde

beeld as God” moet voortleef in die gedrag van die individu om sodoende nie afbreuk te doen aan God se beeld nie, maar ook om die morele karakter van God se beeld aan die wêreld te toon (Vorster, 2004:76).

Brill (1979:3) is van mening dat die vraag na “reg” en “verkeerd” ’n universele deel van geloofsoortuiging is. Geloofsoortuiging is ’n komplekse verskynsel en bestaan uit soveel meer as net die individu se moraliteit, maar dit sluit altyd moraliteit op die een of ander vlak in. Geloof aanvaar dat die morele lewe wat deur die geloofsoortuiging voorgehou word, deel van die individu se morele welstand uitmaak. Om in ooreenstemming met die voorgestelde moraliteit van die geloofsoortuiging te leef gee aan die individu bevrediging, indien nie totale geluk nie (Brill, 1979:4).

’n Latere studie van Coetzee (2002:4) het ’n sterk ooreenkoms gevind tussen die betrokkenheid van die individu by ’n geloofsoortuiging (met die gepaardgaande aktiwiteite en verantwoordelikhede) en moraliteit. Die frekwensie waarin aktiwiteite wat geassosieer is met die geloofsoortuiging beoefen word, het ’n direkte invloed op die vlak van moraliteit asook die uitlewing daarvan getoon. Coetzee (2002:15) is van mening dat geloofsoortuiging ’n direkte invloed op morele ontwikkeling het.

Hierdie bevinding stem ooreen met die van Odimegwu (2005:126) wat in ’n studie bevind het dat die geloofswaardes, soos aangehang deur die geloofsoortuiging, die primêre bron van morele standaarde is. Juis hierom sal die leer van die kerk ’n groot rol speel in die vorming van individuele houdings, waardes en besluite. Die mate waarin hierdie leer egter die besluite van die individu beïnvloed hang af van die vlak van toewyding wat die individu aan die geloofsoortuiging verleen.

Bywoning van geloofsaktiwiteite en die invloed van geloofsoortuiging op die moraliteit van die individu is egter nie wedersyds afhanklik van mekaar nie. Alhoewel Suid-Afrika as ’n sekulêre land beskou kan word, is die deelname aan geloofspraktyke onder Suid-Afrikaanse burgers hoog. 75% van Suid-Afrikaners erken geloofsbetrokkenheid waarvan 82% oorwegend Christelike denominasies is. Verder is kerk, naas sport, ’n gewilde organisasie waarmee Suid-Afrikaanse jeug assosieer (Cooksey & Dooms, 2009:2). Hierdie statistiek lig egter net die potensiële invloed wat die kerk en gepaardgaande geloofsoortuiging op adollesente kan hê uit en is nie ’n weerspieëling van die ware invloed nie. Die invloed van geloofsoortuiging op riskante gedrag, veral riskante seksuele gedrag, word later bespreek.

4. ADOLESSENTE SEKSUALITEIT

4.1 Tipe seksuele aktiwiteite van Adollesente

'n Studie deur Moore en Rosenthal (2006) het in verband met die seksuele aktiwiteite van adollesente getoon dat daar 'n definitiewe volgorde is waarin seksuele gedrag plaasvind. Seksuele gedrag begin om en by die ouderdom van 13 jaar met drukkies en soentjies en beweeg dan deur na die hantering van borste en geslagsorgane en eindig dan met seksuele omgang (Moore & Rosenthal, 2006:8). Adollesente openbaar ook betrokkenheid by 'n groter verskeidenheid seksuele aktiwiteite en met meer seksmaats as vroeër (Moore & Rosenthal, 2006:12).

Hierdie aktiwiteite sluit die algemene praktyk van orale seks in. Die wegbeweeg van voorheen negatiewe houdings teenoor orale seks en die veronderstelling dat orale seks nie werklik "seks" is nie vorm deel van hierdie tendens (Mash, 2006:15; Moore & Rosenthal, 2006:12). Binne die hiërargie van seksuele aktiwiteite val orale seks na die wedersydse hantering van die geslagsorgane, maar voor seksuele omgang. Anale seks word beskou as 'n variëteit op normale seksuele omgang, binne heteroseksuele verhoudings, en volg na vaginale seks (Moore & Rosenthal, 2006:14)

Riskante seksuele gedrag wat in bogenoemde studie waargeneem is, sluit in die vooronderstelling dat orale seks nie die individue daarby betrokke aan seksueel oordraagbare siektes blootstel nie. Verder is gevind dat die praktyk waar die penis voor orgasme onttrek word tydens vaginale seks nie beskou word as seks nie. Omdat ejakulasie buite die liggaam van die ander party plaasvind is die argument dat dit ook nie die bron van seksuele siektes kan wees nie – 'n tendens wat waarlik kommerwekkend behoort te wees (Moore & Rosenthal, 2006:14). Adollesente wat aan die studie van Moore en Rosenthal (2006) deelgeneem het, het ook meer as een seksuele maat in die ses maande voor die studie gerapporteer.

Die verskynsel van masturbasie is ook bestudeer, alhoewel verskeie sosiale invloede sterker inwerking op hierdie praktyk getoon het as op enige ander vorm van seksuele aktiwiteit. Die geslag van die individu, maar veral die geloofsoortuiging van die individu se siening van hierdie aktiwiteit het 'n groot rol gespeel in die voorkoms en rapportering van hierdie spesifieke seksuele aktiwiteit (Moore & Rosenthal, 2006:17).

4.2 Invloede op Adolessente Seksualiteit

Voorhuwelikse seks, veral onder adolessente, is nie 'n nuwe verskynsel nie. Adolessente was nog altyd seksueel aktief. Die belangstelling in adolessente se seksualiteit is gebore uit die oormatige potensieel negatiewe gevolge wat geassosieer word met seksuele aktiwiteit in die laat-adolessente jare (Hardy & Raffaelli, 2003:731). Die voorkoms van MIV en VIGS, ongevraagde swangerskappe, seksuele wanfunksionering en aantal seksuele maats word by hierdie riskante gedrag ingesluit. In Suid-Afrika as 'n geheel is seksuele gedrag onder die jeug beide hoog en riskant van aard (Cooksey & Dooms, 2009:2).

Ook hier tree die invloed van die *Postmodernisme* op die voorgrond. Juis vanweë die wegbeweeg van die norme en waardes soos dit in die modernisme uiteengesit is, is die praktyk van huwelike nie meer relevant onder die jeug van vandag nie (Moore & Rosenthal, 2006:7).

Die ouderdom waarop individue in die huwelik tree, indien enigsins, word al hoe later, terwyl die *ouderdom* waarop tieners seksueel ontwikkel (adolessensie) al hoe vroeër plaasvind. Onlangse navorsing het getoon dat daar 'n groot toename in seksuele aktiwiteite onder adolessente tussen die ouderdomme 13 en 19 jaar is (Moore & Rosenthal, 2006:7). Gepaardgaande hiermee is die hedendaagse samelewing konstant aan seks blootgestel. Openbare besprekings oor seks (Orapeleng, 2002:55), die vrye toegang tot voorbehoedmiddels (Moore & Rosenthal, 2006:6) en programme vir die bestryding van MIV en VIGS (Goggin *et al.*, 2007:124) het tot gevolg dat daar skeiding ontstaan tussen seksualiteit, die instansie van die huwelik en die uitbouing van die gesin.

Die invloed van hierdie meer promiskue gedrag kan ook teruggevoer word na die *gesins*-struktuur van adolessente. Francis (2007:15) identifiseer die gemeenskap en gesin as die primêre rolspelers by die tendens onder adolessente om betrokke te raak by riskante seksuele gedrag. Dit sluit aan by die argument dat adolessent lesse oor seksualiteit eerste by ouers geleer/waargeneem word, wat die gesin verantwoordelik maak vir die seksuele opvoeding van hul kinders (Khoza, 2004:35). Odimegwu, (2005:126) het ook gevind dat die faktore wat die houdings wat adolessente se seksuele gedrag die sterkste beïnvloed, afkomstig is van hul portuurgroep en gesin.

Meier (2003:1032) voer aan dat die invloed en betrokkenheid van gesinne by die opvoeding van kinders ongelukkig nie meer is wat dit in die verlede was nie. Politieke en morele argumente voer gereeld aan dat die vervaging van waardes dien as die bron van vervroegde seksuele aktiwiteit (Meier, 2003:1032). Deel van hierdie argumente is die implikasie dat die verwydering

van godsdiens fundamenteel verantwoordelik is vir die vervroeging in ouderdom soos van toepassing op seksuele debuut (ouderdom van eerste seksuele aktiwiteit).

In verdere studies is gevind dat vroulike respondente wat geaffilieer is met Rooms-Katolieke of meer fundamentele protestante denominasies, meer geneig is om seksuele debuut tot 'n later ouderdom uit te stel (Francis, 2007:24). Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met die van Khoza (2004:40) wat gevind het dat dit meer sosiaal aanvaarbaar is vir seuns om seks te wil hê sonder enige gevolge, terwyl meisies aangemoedig word om solank as moontlik hul maagdelikheid te behou. Dit ondersteun die argument dat *geslag* ook 'n rol speel by adolessente se seksuele aktiwiteit, soos gevind in die studies van Odimegwu (2005:126), Moore en Rosenthal (2006:7) en McCree *et al.* (2003:3).

Francis (2007:16) het in 'n *etniese* studie gevind dat wit adolessente wat meer by geloofspraktyke betrokke is hul eie seksuele debuut sal uitstel, maar vir die gebruik van kontrasepsie was die resultate nie konstant nie. In aansluiting hierby is die bevinding van Goggin *et al.* (2007:124) dat jeug uit minderheidsgroepe 'n groter kans staan om MIV en ander seksueel oordraagbare siektes op te doen.

Die mate waarin adolessente God sien as 'n beheerende identiteit in hul lewens, speel ook hier 'n rol. Volgens Goggin *et al.* (2007:124) het persepsies van die *lokus van kontrole* 'n groot invloed getoon by die voorspelling van psigiese en fisiese gesondheid by adolessente sowel as volwassenes. Namate die vlak van lokus van kontrole toeneem, was die kans vir riskante seksuele gedrag geringer. Oortuigings oor die beheer wat God in die lewe van die individu het, kan lei tot die persepsie dat die individu deel is van iets groter en dit kan adolessente beïnvloed om meer bemagtig of meer passief te voel oor die invloed van riskante gedrag op hul algehele gesondheid. As vorm van bemagtiging lei dit adolessente tot die neem van sekere besluite. Dit kan egter ook tot 'n passiwiteit lei, deurdat alle beheer en keuse aan God oorgelaat word, wat meebring dat die adolessente minder beskermende keuses maak. Die persepsie dat God aktief besig is om die individu te help om seksuele kontak te vermy of om by riskante gedrag betrokke te raak het ook hier 'n invloed (Goggin *et al.*, 2007:126).

4.3 Die invloed van geloofsoortuiging op adolessente seksualiteit

Godsdiens, oftewel geloofsoortuiging, is 'n komplekse konstruksie wat twee vorme van betrokkenheid behels, beide privaat en openbaar. Studies het getoon dat adolessente wat betrokke is by aktiwiteite wat geassosieer word met godsdiens, soos die bywoning van kerkdienste, jeuggroepe, geloof in God en gereelde gebed, minder geneig is om deel te neem aan gedrag wat sleg is vir hul gesondheid (Francis, 2007:16). Hoë vlakke van betrokkenheid by

geloofsoortuiging word konstant geassosieer met die vertraging van seksuele debuut (Goggin *et al.*, 2007:125; Hardy & Raefaelli, 2003:732; Odimegwu, 2005:127 en Simons, *et al.*, 2009:468). Hierdie verskynsel word nog duideliker waargeneem by adolessente wat betrokke is by geloofspraktyke en 'n eed van maagdelikheid aflê. So 'n eed bepaal dat die adolessent belowe om sy/haar maagdelikheid te behou totdat hy/sy in die huwelik tree (Francis, 2007:17).

Die invloed van geloofsoortuiging op adolessente seksuele aktiwiteit kan in die volgende kategorieë ingedeel word:

- Die vertraging van Seksuele debuut of inisiasie (Francis, 2007:16);
- Die aantal Seksuele Vennote wat in seksuele aktiwiteite deelneem (Francis, 2007:24);
- Toename in gebruik van kondome en kontrasepsie binne seksuele verhoudings (Goggin *et al.*, 2007:125);
- Die verlaging van seksuele aktiwiteite na inisiasie van seks (Hardy & Raffaelli, 2003:732);
- Die vorming van beskermende houdings teenoor seks ten opsigte van die risiko van die individu (Meier, 2003:1032).

Ten spyte van talle studies wat gevind het dat geloofsoortuiging 'n invloed op die seksuele aktiwiteite van adolessente toon, het Mash (2006:43) in 'n studie onder Suid-Afrikaanse jeug gevind dat die seksuele aktiwiteite van adolessente binne die kerk nie verskil van dié daarbuite nie. 'n Groot aantal van die jeug binne die spesifieke geloofsoortuiging was aktief betrokke by verskeie vorme van seks en riskante seksuele gedrag, wat meer as een seksuele vennoot en geringe gebruik van kontrasepsie insluit.

Hierdie verskynsel kan egter verduidelik word aan die hand van die gevolgtrekking van Odimegwu (2003:126). Hierin word bepaal dat, ten spyte daarvan dat sekere geloofsoortuigings voorhuwelikse seks afraai, die vlak van toewyding wat die individu aan die geloofsoortuiging heg, 'n sterker bepaling van die individu se houding teenoor voorhuwelikse seks het. Blote affiliasie met die geloofsoortuiging dra nie genoegsame motivering om nie by voorhuwelikse seks betrokke te raak nie (Odimegwu, 2003:126).

Dit sluit aan by die siening van Simon, Burt en Peterson (2009:467) en Francis (2007:24) wat gevind het dat adolessente wat 'n meer fundamentalistiese en konserwatiewe geloofsoortuiging aanhang, minder seksueel aktief is, minder seksuele vennote het en minder situasies identifiseer waarbinne seksuele gedrag aanvaarbaar is. Die feit dat adolessente minder godsdienstig raak namate hul ouderdom toeneem, speel ook hier 'n rol (Goggin *et al.*, 2007:135).

5. DIE CHRISTELIKE GELOOFSOORTUIGING AANGAANDE SEKSUELE AKTIWITEIT

As een van die groot geloofsoortuigings in die wêreld ondersteun die Christelike geloofsoortuiging, in die meeste van sy vorme, seksuele onthouding voor die huwelik. Die heiligheid van liggaamlike intimiteit en die instelling van 'n huwelik wat aanvaarbaar is vir God, word as die Christelike ideaal voorgehou (Cooksey & Dooms, 2009:1). Dus, binne die Christelike geloofsoortuiging, word algemeen aanvaar dat voorhuwelikse seks onaanvaarbaar is.

Die onthouding van seks voor die huwelik word voorgehou as 'n beginsel vir 'n Christelike lewe en 'n Christelike moraliteit. Tog, volgens Winner (2005:29) moet die meeste Christene hierdie "onthouding" aanleer juis omdat die klem wat die sekulêre omgewing op seks plaas so sterk is. Dit bring mee dat Christelike gemeenskappe deel is van die seksuele revolusie met die noodgedwonge implikasie dat voorhuwelikse seks ook binne Christelike gemeenskappe plaasvind.

Die klem binne Christelike gemeenskappe val te dikwels op seks as 'n sonde, juis vanweë die sekulêre wêreld se oorbeklemtoning daarvan. Mashau (2008:9) redeneer dat die skoonheid van die mens se skepping in die feit lê dat God die mens geskep het om seks te geniet. Plesier is daarom deel van menslike seksualiteit. Nadat Adam en Eva in 'n geseënde huwelik bevestig is, gee God hulle toestemming om geslagsomgang te hê en meer te word.

Seks binne hierdie konteks, die konteks van 'n God-geseënde huwelik, is bedoel om 'n uiting te wees van die liefde tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag. Dit is net binne die konteks van so 'n huwelik, dat seks geniet kan word sonder enige skuldgevoelens. Hierin lê die rede vir die man wat sy ouerhuis moet verlaat, sy vrou moet aankleef en een moet word met haar soos in Genesis 2:24-25 (Bybel, 1984). 'n Huwelik is die enigste plek waar die skoonheid van seks ervaar kan word as die regmatige uiting van liefde tussen 'n man en sy vrou. Hooglied kan beskou word as die allegoriese uiting van hierdie beginsel (Mashau, 2008:10).

Die gevolgtrekking hier is dus dat seks slegs binne die huwelik aanvaarbaar behoort te wees vir individue wat die Christelike geloofsoortuiging aanhang.

Orapeleng (2002:61-65) stel die volgende Skriftuurlike riglyne vir seks voor:

- Onthouding – Volgens Genesis 24:16 en Lukas 1:27 word daar verwag dat die individue altwee maagde is met hul troue;

- Volwassenheid moet voor seks en die huwelik bereik word. Die huwelik, waaronder seks toegelaat word, sluit 'n verskeidenheid komplekse verantwoordelikhede, benewens die seksuele, in;
- Die regte keuse moet gemaak word aangaande 'n lewensmaat;
- Huwelike bo die opsie van blote saamwoon;
- 'n Gelukkige en vreedsame huis;
- 'n Godgesentreerde huishouding.

Aansluitend hierby is die mening van Mashau (2005:60) dat saambly en seks voor die huwelik deur die Bybel, en daarom die Christelike geloofsoortuiging, as abnormaal beskou moet word. Die boodskap van die Bybel is gekant teen voorhuwelikse seks. Die woorde wat die Bybel gebruik met verwysing na seks, naamlik fornikasie en immoraliteit, verwys na alle vorme van seksuele aktiwiteite wat buite die huwelik plaasvind. Mashau (2005:60) vorm hierdie mening op grond van Skrifgedeeltes soos Levitikus 18 en 20, Matteus 15:19 en 1 Korintiërs 6:9-10, 18 (Bybel, 1984).

Hiervolgens laat die Bybel nie toe dat die seksuele standaard verlaag nie. Die adolessente van vandag word steeds deur dieselfde Skriftuurlike beginsels gebind as dié voor hulle, wat hierdie fase deurgemaak het.

Die probleem is egter dat die Christelike kerke hedendaags nie dieselfde boodskap aan adolessente oordra nie. Die geloofsoortuiging het nie meer 'n invloed op die seksuele aktiwiteit van adolessente nie, omdat die plek van die geloofsoortuiging nie meer relevant is nie (Cooksey & Dooms, 2009:8).

6. SAMEVATTING

Adolessensie is 'n tydperk van vele veranderinge in die ontwikkeling van die mens. Eksterne en interne veranderinge bring mee dat die adolessent anders begin voorkom, anders begin redeneer en skielik "toegang" het tot 'n verskeidenheid nuwe emosies, behoeftes en vermoëns.

Hierin ontwikkel die adolessent dan ook as 'n volwaardig morele en seksuele wese. Uit die voorafgaande literatuuroorsig is dit duidelik dat die invloede op die ontwikkeling van adolessente se seksualiteit dieselfde is as dié op adolessente se morele ontwikkeling.

In beide gevalle word die invloed van die postmodernistiese wêreldbeskouing duidelik waargeneem in die wyse waarop adolessente hedendaagse morele gedrag en seksuele gedrag openbaar. Kulturele asook etniese invloede op die aanvaarbaarheid van seksuele gedrag en

die aanvaarbaarheid van morele gedrag kan nie geïgnoreer word nie. So speel familie, sosiale aanvaarding, ouderdom, huislike omgewing, lokus van kontrole, geslag en seksuele ondervinding 'n rol by die ontwikkeling van beide die morele en seksuele ontwikkeling van adolessente.

Vir hierdie studie is die belangrikste faktor wat 'n invloed op beide hierdie aspekte van menslike ontwikkeling speel, dié van geloofsoortuiging. Geloofsoortuiging maak deel uit van dit wat die adolessent aanwend om nie alleen morele keuses nie, maar ook seksuele keuses uit te voer.

Die geloofsoortuiging is sigbaar in die besluitnemingsraamwerk van die adolessent. Ten spyte hiervan, en selfs ongelukkig, sal later aangetoon word dat die Christelike geloofsoortuiging nie so 'n deurslaggewende rol by die vorming van hierdie besluitnemingsraamwerk speel nie. Gelowige en nie-gelowige adolessente is betrokke by 'n verskeidenheid seksuele aktiwiteite, almal in direkte opposisie tot die Christelike geloofsoortuiging.

Die doelwit van hierdie studie is om die spesifieke etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente aangaande seksuele aktiwiteite te identifiseer sodat die rol van die geloofsoortuiging duideliker, en waar nodig, versterk kan word. In die woorde van Winner (2005:30): "*Repeating biblical teachings about sex is simply not enough. Urging self-discipline isn't enough. Reminding people of the psychological cost of premarital sex or infidelity is no longer enough.*" (eie kursivering)

HOOFSTUK 3: DEELNEMEROBSERVASIE AS NAVORSINGSMETODOLOGIE

1. INLEIDING

In Hoofstuk 1 is die voorgestelde metodologie vir hierdie studie van adolessente se besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteit geïdentifiseer as deelnemerobservasie-navorsing (*Participant Observation Research*). In hierdie hoofstuk word die metodologie breedvoerig bespreek en die spesifieke implikasies asook metode van data-insameling uiteengesit.

Deelnemerobservasie-navorsing bepaal dat respondente nie net as voorwerpe binne 'n spesifieke navorsingsprojek behandel word nie, maar in werklikheid deelneem aan die navorsing en so direk deel raak van die oplossing van die probleem. In sommige studies wat hierdie metode toegepas het, word die deelnemers se rol vergroot deurdat hulle ook die navorsingsprobleme identifiseer (Strydom, 2002:280).

Hierdie studie oor die besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteit gebruik deelnemerobservasie om adolessente as deelnemers te observeer en dan deur middel van sekere aktiwiteite, hul besluitnemingsraamwerk te identifiseer. Die navorser was in hierdie studie die observeerder en deur middel van die aktiwiteite het die adolessente hul eie ontdekkings gemaak oor hul besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteite.

Voordat die spesifieke aktiwiteite van hierdie studie uiteengesit word, word deelnemerobservasie-navorsing na aanleiding van literatuur gedefinieer, binne die paradigma van kwalitatiewe navorsing geplaas en sekere kenmerke van deelnemerobservasie-navorsing uitgelig. Die keuse van deelnemerobservasie-navorsing as metode vir hierdie studie sowel as die voor- en nadele van hierdie metode word volledig bespreek. Die implikasies van hierdie metode vir hierdie studie word aangetoon, waarna die instrument wat in hierdie studie gebruik is, beskryf word. 'n Kort samevatting sluit hierdie hoofstuk af.

2. DEFINISIE VAN DEELNEMEROBSERVASIE

Deelnemerobservasie word grootliks gebruik in sosiale navorsing (navorsing oor die sosiale lewe) en word dikwels geassosieer met sosiale transformasie (Denzin & Lincoln, 2008:273). Dit maak gebruik van 'n sistematiese opname van gedrag wat deur die observeerder (die navorser self in hierdie geval) waargeneem (observeer) word, binne 'n natuurlike situasie. Alhoewel observasie nie noodwendig vir die navorser meer sê oor die self-persepsies van die deelnemers nie, kan dit maklik gebruik word om die onbewuste gedrag van deelnemers ten toon te stel

(Gorman & Clayton, 2005:41). Kemp (2001:528) sluit hierby aan deur te noem dat deelnemerobservasie 'n geleentheid bewerkstellig waar dit wat mense werklik doen in plaas van dit wat hulle sê hulle doen, bestudeer kan word. Dit bring mee dat die rolle wat deur die deelnemers en die observeerder(s), vertolk word, uiters belangrik is in studies waar deelnemerobservasie gebruik word.

In sommige kwalitatiewe studies waar deelnemerobservasie gebruik is, is die deelnemers en die navorser vennote in die beplanning en uitvoering van die navorsing. Dit het 'n strategiese voordeel deurdat dit verteenwoordigers van die gemeenskap as lede van die navorsingspan by die studie insluit. Dit laat toe dat lede van die gemeenskap inspraak het in hoe die studie gaan verloop asook hoe die resultate weergegee gaan word. Dit dien ook as 'n strategie om die navorser se eie vooronderstellings minder sigbaar te maak en dit bewerkstellig 'n verantwoordelikheid by die wetenskaplike gemeenskap teenoor die gemeenskappe wat bestudeer gaan word (Burns & Grove, 2009:544).

Dit is juis om hierdie rede dat Clarke (2009:413) deelnemerobservasie as 'n breë samestelling van observasie en informele onderhoude definieer. Volgens hierdie definisie moet die navorser vooraf besluit wat sy/haar rol in die navorsingsprojek gaan wees. Dit kan slegs as 'n observeerder wees, of dit kan midde-in die situasie wees (volle deelname). Die waarde van deelname is dat die navorser toegang verkry tot die sosiale lewe van die deelnemers en daarom kan begin om die realiteit van die wêreld waarin die deelnemers leef, meer genuanseerd waar te neem en te interpreteer (Clarke, 2009:414).

Dit is juis hierom dat Strydom (2002:278) redeneer dat direkte kontak met die persone onder observasie die enigste manier is om te observeer, juis omdat observasie in alle vorme basies dieselfde is en afhanklik is van deelnemers. Die handelinge en gedrag van mense is die sentrale aspek van enige vorm van sosiale navorsing. Die natuurlike en logiese wyse om dit te bestudeer is om te kyk na dit wat mense doen, dit op 'n manier te dokumenteer of vas te lê en dit dan te beskryf, te analiseer en te interpreteer aan die hand van dit wat geobserveer is (Robson, 2002:309).

Deur die analise en interpretasie van observasie is dit moontlik om kollektief deur middel van die navorser en die deelnemers kennis te genereer wat kan lei tot die bereiking van die doelwitte wat vooraf deur die groep geïdentifiseer is (Collins, 1999:2). Sodoende voldoen die navorsing aan die definisie van Jason *et al.* (2004:4) wat deelnemerobservasie as 'n breë term gebruik om 'n verskeidenheid metodes te beskryf wat die gemeenskap, wat deel is van die navorsing, versterk.

Gorman en Clayton (2005:103) differensieer tussen twee verskillende tipes observasie. Eerstens is daar gestruktureerde observasie wat 'n vooraf bepaalde gebeurtenis of aktiwiteit bestudeer deur gebruik te maak van 'n vooropgestelde instrument met verskillende kategorieë waarin die observeerder spesifieke aktiwiteite wat plaasvind, kan noteer. Tweedens is daar ongestruktureerde observasie wat geen voorafgestelde instrument of situasie gebruik nie en die navorser observeer eenvoudig enige en alle gedrag wat van toepassing is op die navorsingsvraag. Hierdie onderskeid is belangrik vir hierdie studie omdat die gebeurtenis of aktiwiteit wat bestudeer word, naamlik adolessente se besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteit, reeds vooraf geïdentifiseer is. Die metodologie van hierdie studie kan dus as gestruktureerde deelnemerobservasie beskryf word.

Robson (2002:310) asook Strydom (2002:278) beskryf gestruktureerde deelnemerobservasie as deel van die kwalitatiewe paradigma van navorsing. Die data kan dus nie gekwantifiseer word nie en daarom is dit nie nodig om van groot groepe deelnemers gebruik te maak nie. Kleiner groepe kan dus ook gebruik word. Die gebruik van kleiner groepe deelnemers in hierdie metodologie dra by tot die betroubaarheid van die observasies wat gemaak word. Die navorser tree as observeerder, maar ook as navorser op, wat daartoe lei dat as daar van 'n groter groep gebruik gemaak sou word, daar moontlik van die observasiemomente verlore sou kon gaan weens die navorser se dubbele rol. Clarke (2009:414) is van mening dat navorsing wat van kwalitatiewe observasie gebruik maak, 'n belangrike bydrae lewer tot die reeds bestaande kennis of nuwe verstaan van kennis van die spesifieke verskynsel wat geobserveer word.

'n Eie definisie van deelnemerobservasie, wat uit die voorafgaande afgelei kan word, is dus dat deelnemerobservasie gebruik maak van 'n spesifieke groep binne 'n gemeenskap wie se gedrag in 'n natuurlike situasie, deur 'n navorser geobserveer en aangeteken word. Die navorser moet vertrouwd wees met die leefwêreld van die deelnemers. Hierna kan die navorser en die deelnemers hierdie observasies interpreteer om sodoende die doelwitte van die studie/navorsing, indien moontlik, te bereik en om aan die gemeenskap 'n dieper insig in hul eie gedrag te gee. Hierdie definisie sluit aan by die definisie van Strydom (2002:280) wat deelnemerobservasie omskryf as die fokus op die alledaagse en natuurlike ondervinding van respondente en dat die navorser te alle tye moet probeer om die wêreld van die deelnemers en hul eie belewenisse daarvan, te interpreteer, iets wat slegs moontlik is as die navorser deel uitmaak van die deelnemers se alledaagse wêreld.

Vir hierdie studie dra die metode van deelnemerobservasie dus by tot die reeds bestaande kennis of nuwe verstaan van kennis rakende adolessente se besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteite.

Collins (1999:118), Denzin en Lincoln (2008:273) en Robson (2002:312) identifiseer die volgende kenmerke van deelnemerobservasie:

- Tydens die navorsingproses word data voortdurend ingesamel en wel binne die gemeenskap waar die navorsing plaasvind (Collins, 1999:118). Die navorser het dus die voordeel dat die data relevant sal wees vir die gemeenskap en die doelwitte van die studie.
- Die deelnemers, wat die onderwerp van die navorsing is, word ook betrek by die navorsingstruktureringsproses (Collins, 1999:118). Hierdeur kan die gemeenskap ook direk baat vind by die navorsing, maar ook 'n invloed hê op die interpretasie van die data.
- Bogenoemde sluit ook aan by een van die kenmerke wat Denzin en Lincoln (2008:273) uitlig, naamlik dat gedeelde eienaarskap van die navorsingprojek na vore kom. In hierdie studie word dit beskou vanuit die gemeentes waarvan die jeug as deelnemers vir hierdie studie genader is, se belangstelling in die resultate van die studie.
- Die onderwerp is vir gewone mense belangrik (Collins, 1999:118). In die geval van hierdie studie kan ouers en gesagsfigure van adolessente baat vind by die data wat ingesamel is aangaande adolessente se besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteite.
- In omstandighede soos dié in hierdie studie, is dit nie vreemd dat deelnemerobservasie die primêre bron van data-insameling is nie, omdat die doelwitte beskrywend van aard is en deelnemerobservasie hom daartoe leen as navorsingstegniek vir beskrywende navorsing (Robson, 2002:312).

Met bogenoemde kontekstualisering as agtergrond is dit vervolgens nodig om die keuse van deelnemerobservasie as metodologie vir hierdie studie te motiveer.

3. DIE KEUSE VAN DEELNEMEROBSERVASIE AS METODOLOGIE

Die sensitiewe aard van dit wat ondersoek word, noodsaak deeglike besinning as daar op 'n bepaalde metodologie besluit word. Gorman en Clayton (2005:104) redeneer dat enige metode van navorsing voordele en nadele inhou. Binne kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing is die beste benadering om 'n berekende keuse te maak aangaande die metode of metodes van navorsing, wat beide die voor- en die nadele van die navorsingmetodologie insluit, maar ook die aard en omvang van die probleemstelling in ag neem (Gorman & Clayton, 2005:104). Vir doeleindes van hierdie studie is op deelnemerobservasie besluit op grond van, onder andere, die skematiese voorstelling van Gorman en Clayton (2005:95) (eie vertaling):

Tabel 3.1: Beskrywing van Deelnemerobservasie (Geneem uit Gorman & Clayton, 2005:95)

Navorsingsprobleem	Navorsingsvrae	Metodologie
Verkennde navorsing Om 'n onverstaanbare verskynsel te bestudeer, om belangrike veranderlikes te identifiseer	Wat gebeur in hierdie program?; Wat is die onderliggende temas, patrone en kategorieë in deelnemers se betekenisstrukture?; Hoe is hierdie patrone aan mekaar gekoppel?	Deelnemerobservasie, Indiepte-onderhoude
Verklarende navorsing Om die oorsake van die verskynsel wat bestudeer word, te verduidelik, identifisering van verstaanbare, informele netwerke wat die verskynsel vorm	Watter gebeure, persepsies, houdings en beleide is besig om hierdie verskynsel te vorm?; Hoe vermeng die oorsake met mekaar, om hierdie verskynsel teweeg te bring?	Deelnemerobservasie, indiepte-onderhoude, Vraelyste, Dokument-analise.
Beskrywende navorsing Om die verskynsel wat bestudeer word, te dokumenteer	Wat is die onderliggende gedrag, gebeure persepsies, houdings, strukture en prosesse wat in hierdie verskynsel plaasvind?	Vraelyste Inhoud analise

Hierdie voorstelling dui aan dat deelnemerobservasie gebruik kan word vir onder andere 'n verkennende studie, waarin 'n moeilik verklaarbare verskynsel bestudeer word, maar ook vir 'n verklarende studie, waarin die oorsake van 'n spesifieke verskynsel wat bestudeer word, verduidelik word. In die ondersoek na die besluitnemingsraamwerk van adolessente aangaande seksuele aktiwiteit word die oorsake van hierdie besluitnemingsraamwerk bestudeer, en dit maak deelnemerobservasie 'n effektiewe metode om te gebruik.

Robson (2002:315) gebruik deelnemerobservasie in situasies waar daar klein groepe is omdat die navorser almal wat betrokke is, moet ken, wat kwalik moontlik is met groter groepe. Dit kan ook effektief gebruik word in studies waarvan die primêre doel dit is om vas te stel wat in 'n spesifieke situasie aan die gebeur is. Die veelvlakkighede van inligting wat gedurende deelnemerobservasie waargeneem word, is van so 'n aard dat dit enige vooropgestelde hipotese kan falsifiseer. Juis daarom is dit 'n gewaagde metode vir persone wat net daarop uit is om hul vooronderstellings te laat geld (Robson, 2002:315). In 'n studie waarby die primêre fokus is om vas te stel wat adolessente se besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteit is, is deelnemerobservasie dus 'n besonder toepaslike tegniek.

Verder skep deelnemerobservasie ook geleenthede waarin die navorser die deelnemers informeel kan ondervra. Indien 'n vertrouensverhouding reeds tussen deelnemers en die navorser bewerkstellig is, kan indiepte-besprekings oor die situasie en die gedrag wat in die situasie geopenbaar is, ontsluit word. Deelnemers mag dalk makliker aan so "ongestruktureerde" gespreke as aan 'n gestruktureerde onderhoud deelneem, ongeag die mate waarin die navorser poog om die deelnemers op hul gemak te stel (Clarke, 2009:414). Strydom (2002:279) aanvaar dat die "regte" leefwêreld van die deelnemers van 'n navorsingsprojek slegs verstaan kan word as die woorde en uitdrukkings wat in 'n spesifieke situasie gebruik word, na vore kom. Mense se persepsie van realiteit is nie direk deur buitelanders waarneembaar nie; daarom is metodes noodsaaklik om hierdie persepsies akkuraat te ontsyfer en te rapporteer.

Deelnemerobservasie is ideaal vir hierdie studie omdat dit juis indiepte-besprekings oor 'n intieme onderwerp nl. seksuele aktiwiteit, probeer fasiliteer in 'n soeke na oplossings vir die navorsingsprobleem. Deurdat die navorser homself as deelnemer in die situasies kon plaas en deur die vertroue van die deelnemers te kon verkry, kon die navorser akkurate observasies maak oor die besluitnemingsraamwerk van adolessente aangaande seksuele aktiwiteit. Hierdie observasies en die struktuur daarvan word later in hierdie studie bespreek.

3.1 Voor- en nadele van deelnemerobservasie

Wanneer op 'n bepaalde metodologie besluit is, is dit belangrik om sensitief te wees vir die voor- en nadele van die metode. Die voordele van deelnemerobservasie, soos geïdentifiseer deur Collins (1999:118), Strydom (2002:281) en Robson (2002:310), word vir die doel van hierdie studie kortliks uiteengesit.

Eerstens is deelnemerobservasie beide emansiperend en bemagtigend van aard, twee eienskappe wat nodig is vir politieke sowel as sosiale verandering. Deelnemerobservasie in hierdie studie bemagtig adolessente as deelnemers deurdat dit 'n "bo- na onder" vorm van navorsing voorkom (Collins, 1999:118). Deelnemerobservasie maak almal deel van die proses van besluitneming, iets wat belangrik is vir die doelwitte van hierdie studie waarin die praktyke en beginsels na vore kom waaruit die geloofsgemeenskap die leemtes in adolessente se besluitnemingsraamwerk moet vul. Dit maak ook voorsiening vir gewone mense se omstandighede omdat die deelnemers aan die studie deel tot die "gewone" gemeenskap behoort. 'n Deel van die vul van moontlike leemtes word bewerkstellig deur die nabetragtings en indiepte-onderhoude (hoewel ongestruktureerd) wat kenmerkend is van hierdie metode, soos hierbo aangedui.

Tweedens redeneer Strydom (2002:281) dat die resultate van deelnemerobservasie van 'n hoë standaard kan wees, juis omdat dit 'n natuurlike gebeurtenis probeer verduidelik. Hierdie resultate kan dan ook waarde inhou vir die breë gemeenskap, veral in 'n studie waar die leemtes van adolessente se besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteite aan hul geloofsgemeenskap uitgewys kan word. Verder hou die direkte insameling van data, 'n kenmerk van deelnemerobservasie, die voordeel in dat dit nie retrospektief geïnterpreteer kan word nie. Die data is direk, dit handel oor dit wat tans in die situasie met die gemeenskap plaasvind (Strydom, 2002:287). Hierdie tipe data is belangrik in studies soos die onderhawige, waar die houdings en gedragspatrone van adolessente in hul natuurlike omstandighede bestudeer word omdat dit insig gee in die leefwêreld van adolessente, en vir die gemeenskap insig gee in die seksuele aktiwiteite van adolessente.

Laastens dui Robson (2002:310) aan dat die direkte benadering wat deelnemerobservasie volg, groot voordeel inhou. Deelnemers word nie gevra na hul menings, gevoelens of houdings nie. Daar word eerder gekyk na dit wat hulle doen en geluister na wat hulle sê. Hierdeur kan 'n veel duideliker "prentjie" gevorm word van adolessente se besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteite.

In teenstelling hiermee is daar ook nadele aan deelnemerobservasie gekoppel. Collins (1999:118) redeneer dat deelnemerobservasie tydrowend is, veral omdat al die deelnemers en nie net die navorser tydens die navorsing besluite neem nie. In hierdie studie het tyd ook 'n probleem opgelewer. Die deelnemers was verplig om 'n hele dag af te neem vir deelname aan die studie, en omdat hulle skoolgaande kinders is, kon dit slegs oor 'n naweek geskied. Die instrument wat in hierdie studie gebruik is, maak egter voorsiening vir tydsverloop deurdat elke aktiwiteit 'n sekere tydsverloop het. Dikwels moes die navorser die reflektiewe gesprek kortknip om nie die tyd te oorskry nie. Dit dra ook by tot die gebruik van 'n klein groep deelnemers, wat andersins te veel tyd in beslag sou neem (Strydom, 2002:288).

Indien die navorser en die deelnemers nie met mekaar vertrou is nie, kan die reflektiewe aard van deelnemerobservasie vir die deelnemers ongemaklik wees (Collins, 1999:118). In hierdie studie het die navorser gepoog om hierdie nadeel te oorbrug deur so gemaklik as moontlik met die deelnemers te verkeer en hulle telkens te verseker van die vertroulikheid van die verloop van die studie. Geen name word enigsins aan enige uitsprake gekoppel nie.

'n Verdere nadeel is dat die navorser nooit werklik die ondervinding van die gemeenskap akkuraat sal kan weergee nie, anders sal die navorser in hierdie studie hom weer as 'n leerder en as adolessent moet voordoen. Dit dra by tot die betroubaarheidsprobleme van die data wat deur deelnemerobservasie verkry word. Observeerders moet op hul eie persepsies staatmaak.

Daarom is hulle juis meer vatbaar vir vooronderstellings en selektiewe persepsies. Verder kan die navorser ook nie die data aan 'n kontrolegroep-deelnemers toets nie. Dit is nie fisies moontlik om presies dieselfde situasie met presies dieselfde deelnemers weer te observeer nie. (Strydom, 2002:288).

Collins (1999:118) probeer hierdie nadele voorkom deur te redeneer dat deelnemerobservasie nie nagegaan kan word nie, tensy dit in ooreenstemming in of verskil van reeds bestaande studies. Die data kan daarom met ander soortgelyke navorsing vergelyk word, of dit kan vergelyk word met die navorsing wat reeds in die literatuur bestaan. Die betroubaarheid van die data word in die volgende hoofstuk gehandhaaf deur die data telkens met dié uit reeds bestaande literatuur te vergelyk. So word die betroubaarheid van nie alleen die data nie, maar ook die studie in die geheel, bevestig. Klopper (2008:69) redeneer dat die betroubaarheid van navorsing bepaal word deur eerstens te verseker dat die data gebruik maak van die direkte ondervinding van deelnemers, en tweedens moet die bevindinge van die studie in so 'n mate toepaslik wees dat dit in ander kulture en kontekste ook toegepas kan word, sonder drastiese aanpassings (Klopper, 2008:69).

3.2 Navorsingsetiek binne Deelnemerobservasie-navorsing

Sowel Wassenaar (2006:61) as Burns en Grove (2009:196) ondersteun die argument dat geen navorsingsmetode met mense as deelnemers buite die konteks van navorsingsetiek kan plaasvind nie. Die doel van navorsingsetiek is nie alleen om die fisieke sowel as emosionele welstand van deelnemers aan navorsing te verseker nie, maar ook te fokus op ander dele van wetenskaplike navorsing soos verantwoordelike navorsing (*scientific misconduct*) en plagiaat (Wassenaar, 2006:61). Navorsingsetiek beïnvloed nie die strewe van navorsers na akademiese vryheid nie. Akademiese vryheid beteken dat die navorser vryheid betreffende intelligente ondersoek het, maar dit kan nie gedoen word indien die metodologie op die een of ander wyse die waarde en regte van die deelnemers aan die navorsing minag nie (Wassenaar, 2006:61; Burns en Grove, 2009:195).

Vir die gebruik van deelnemerobservasie-navorsing as metodologie vir hierdie studie gebruik die navorser die volgende filosofiese riglyne (Wassenaar, 2006:61; Burns en Grove, 2009:195) om die metodologie eties toe te pas:

- Outonomie en respek vir die waarheid. Hierdie riglyn bepaal dat alle persone wat aan navorsing deelneem, vooraf ten volle oor die navorsingvrae asook metode ingelig moet wees en dat deelnemers vrywillig instem om aan die navorsing deel te neem. Hierdie

riglyn sluit die konfidensialiteit van persone en instansies asook, in sommige gevalle, gemeenskappe in. (Wassenaar, 2006:67; Burns en Grove, 2009:196).

- Die navorser moet ook sover moontlik verseker dat deelnemers nie blootgestel word aan emosionele of fisieke skade weens 'n direkte of indirekte gevolg van deelname aan die navorsing nie (Wassenaar, 2006:67; Burns en Grove, 2009:198).
- Deelnemers kan nie net vir navorsing gebruik word en nie ook voordeel uit die navorsing trek nie. Dit beteken nie vergoeding as sodanig nie, maar wel dat deelnemers aan navorsing voordele soortgelyk aan dié van die navorser daaruit verkry. Dit sluit diepere kennis oor die navorsingsvrae en insae oor die gebruik van die navorsing se resultate in (Wassenaar, 2006:67; Burns en Grove, 2009:200).

Toestemming vir die gebruik van die instrument is van die ARHAP-organisasie verkry en is by hierdie studie ingesluit as Addendum A. Opleiding in die gebruik van hierdie instrument is ook deur 'n ARHAP-personeellid gegee. Die opleiding van die span observeerders vir hierdie spesifieke studie het op 17 April 2010 by die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit plaasgevind. Die span observeerders het bestaan uit vier manlike en vier vroulike kandidate met kwalifikasies in onderskeidelik Teologie, Pastorale Berading, Psigologie en Sosiologie. Die observeerders was ook almal op die een of ander wyse betrokke by adolessente binne sosiale netwerke, kerkjeuggroepe en psigologiese terapie. Hulle was dus goed vertrouwd met die leefwêreld van die adolessente. Die navorser het ook deel uitgemaak van die span observeerders.

Die werkwinkel is by twee verskillende kerkjeuggroepe as 'n vrywillige werkwinkel aangaande seks geadverteer en die nodige toestemming is van die deelnemers (Addendum B), die observeerders (Addendum C), deelnemers se ouers/voogde (Addendum D) en die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee (Addendum E) verkry. Die samestelling van die adolessente wat uiteindelik aan die werkwinkel deelgeneem het, was soos volg: Ouderdomme het gewissel tussen 16 en 18 jaar en 60% was vroulike en 40% manlike adolessente.

4. DEELNEMEROBSERVASIE SOOS TOEGEPAS IN HIERDIE STUDIE

Daar is reeds aangetoon dat die doel van hierdie metodologie is om kennis, insig en bewustheid oor seksuele aktiwiteit onder adolessente te gee aan beide die navorser en die gemeenskap. Gepaard hiermee word die navorser en gemeenskap bemagtig op 'n vlak waar 'n bewustheid van seksuele aktiwiteite onder adolessente die onderliggende besluitnemingsraamwerk ten toon stel (Reason, 1998:269). Om dit te bereik is in hierdie studie van 'n spesifieke deelnemerobservasie-navorsingsinstrument gebruik gemaak, naamlik die *Participatory Inquiry into Religion and the Sexual Health of Young People (PIRASH)*.

Hierdie navorsingsinstrument (*PIRASH*) maak deel uit van 'n werkwinkel wat deur die *African Religious Health Assessment Programme (ARHAP)* ontwerp is, spesifiek om die verhouding tussen adolessente se seksuele aktiwiteite, gesondheid en geloof te bestudeer. Die werkwinkel fokus op die verkryging van inligting deur gebruik te maak van deelnemerobservasie-navorsing. Die werkwinkel maak gebruik van ses aktiwiteite waarin sekere vrae aan adolessente gestel word en aksies van adolessente verwag word. Die antwoorde en gedrag word deur 'n span opgeleide observeerders waargeneem en geïnterpreteer. Die volledige handleiding van die werkwinkel, soos van *ARHAP* ontvang, word by hierdie studie ingesluit as Addendum F.

Vervolgens word elke aktiwiteit, soos vervat in die navorsingsinstrument, bespreek. Eerstens word die doel van die aktiwiteit genoem en dan word die aksies van die aktiwiteit uiteengesit.

5. DIE NAVORSINGSINSTRUMENT (*PIRASH*)

5.1 Aktiwiteit 1: Inligtingsbronne oor seks

Doel: Die doel van Aktiwiteit 1 is om die deelnemers se inligtingsbronne aangaande seks te identifiseer en te bespreek. Die aktiwiteit sluit af met 'n reflektiewe gesprek waar die belangrikheid van die geïdentifiseerde bronne deur die deelnemers bespreek word.

Uiteensetting: Eerstens word deelnemers elkeen voorsien van 'n pen en drie indekskaarte en versoek om die volgende vraag te beantwoord: "Wat dink jy is die drie invloedrykste inligtingsbronne oor seks vir jongmense?" Die kaartjies word na 'n ruk ingeneem, en in geen spesifieke volgorde nie, op die vloer uitgepak nadat die fasiliteerder die inligting op die indekskaart hardop aan die hele groep voorgelees het. Duplikate, waar dieselfde bron meer as eenkeer voorkom, word aangeteken, maar nie ook op die vloer neergesit nie.

Tweedens word die voorafgaande oefening herhaal, maar die deelnemers word versoek om slegs die twee inligtingsbronne oor seks wat vir hulle die belangrikste is, uit dit wat op die vloer sigbaar is, te kies. Hierdie kaartjies word in 'n horisontale lyn op die vloer uitgepak, maar kaartjies wat herhaal word bo-aan die ander geplaas. Die doel hiermee is om 'n sigbare en verstaanbare histogram te vorm van die bronne wat die deelnemers as die belangrikste ag.

Die laaste oefening in hierdie aktiwiteit is dat daar 'n reflektiewe gesprek plaasvind oor die data wat so pas deur die deelnemers geïdentifiseer is.

Beide die oefeninge word aangeteken en op 'n bord in die lokaal waar die werkswinkel plaasvind, ten toon gestel. Die data van hierdie twee oefeninge, sowel as die resultate van die reflektiewe gesprek, word in die observeerders se veldnotas opgeneem.

5.2 Aktiwiteit 2: Die inhoud van geloofsgemeenskappe se boodskappe aan adolessente aangaande seksualiteit.

Doel: Die doel van aktiwiteit 2 is eerstens dat die deelnemers die boodskappe aangaande seks wat uit die bronne wat in Aktiwiteit 1 geïdentifiseer is, verkry is, moet bespreek, asook die boodskappe aangaande seks wat van die deelnemers se geloofsgemeenskappe afkomstig is. Die aktiwiteit sluit af met 'n reflektiewe gesprek oor die data wat die deelnemers identifiseer.

Uiteensetting: Die drie belangrikste bronne aangaande seks wat in aktiwiteit 1 geïdentifiseer is, word weer gebruik. Indien 'n geloofsgemeenskap onder die drie belangrikste bronne val, word dit uit die oefening weggelaat omdat die tweede deel van aktiwiteit 2 op die boodskappe van die geloofsgemeenskap fokus. Elke deelnemer word van drie indekskaarte voorsien, een vir elke bron. Die deelnemers word versoek om die belangrikste boodskap oor seks uit hierdie spesifieke bronne (een per indekskaart) neer te skryf. Hierdie boodskappe word langs die bron op die vloer uitgepak nadat die fasiliteerder dit aan die hele groep voorgelees het. 'n Kort bespreking oor die boodskappe word gehou om te bepaal of daar sekere boodskappe ontbreek. Tweedens word elke deelnemer weereens van drie indekskaarte voorsien en versoek om die drie belangrikste boodskappe aangaande seks uit hul geloofsgemeenskap neer te skryf. Die kaarte word opgeneem en, in geen spesifieke volgorde nie, op die vloer uitgepak nadat die fasiliteerder dit aan die groep voorgelees het. Duplikate word genoem en aangeteken, maar nie ook op die vloer geplaas nie.

Derdens word die eerste oefening herhaal, maar die deelnemers word versoek om slegs die twee belangrikste boodskappe uit hul geloofsgemeenskappe oor seks te identifiseer. Die kaarte word aan die hele groep voorgelees, waarna dit in 'n horisontale lyn gepak word. Duplikate word bo-op mekaar geplaas om sodoende 'n histogram te vorm wat die belangrikste boodskappe voorstel.

Laastens word 'n reflektiewe gesprek gevoer oor die data wat deur die deelnemers geïdentifiseer is.

Al drie die oefeninge word op die bord aangeteken en in die lokaal waar die werkwinkel plaasvind, ten toon gestel. Die data van hierdie oefeninge sowel as die resultate van die reflektiewe gesprek word in die observeerders se veldnotas opgeneem.

5.3 Aktiwiteit 3: Persepsies aangaande seksuele aktiwiteite van adolessente

Doel: Die deelnemers konstrueer 'n raamwerk van hul eie interpretasie van seks, asook hul persepsies van portuurgroepe se seksuele aktiwiteite. 'n Reflektiewe gesprek aangaande die belangrikheid van hierdie persepsies sluit die oefening af.

Uiteensetting: Op drie prominente plekke in die lokaal word die volgende woorde ten toon gestel: “Stem saam”, “Stem nie saam nie” en “Is nie seker nie”.

Die fasiliteerder maak 'n spesifieke voorstel waarna die deelnemers in die lokaal op die plek gaan staan waar die woorde is wat hul gevoelens oor die saak die beste weerspieël. Die oefening word vinnig en in stilte uitgevoer. Deelnemers moet op die plek waar hulle staan, bly terwyl die volgende voorstel gelees word. Noukeurige notas word afgeneem betreffende die hoeveelheid deelnemers wat van 'n voorstel verskil, saam stem of nie seker is nie.

Terwyl die oefening aan die gang is, word die getalle van die deelnemers per voorstel neergeskryf sodat dit na afloop van die oefening tentoongestel kan word. Die oefening sluit af met 'n reflektiewe gesprek aangaande die resultate van die oefening.

Die resultate van die oefening asook die reflektiewe gesprek word in die observeerders se veldnotas opgeneem.

5.4 Aktiwiteit 4: Die skep van 'n kontinuum van seksuele aktiwiteit

Doel: Hierdie aktiwiteit het ten doel dat die deelnemers 'n dinkskrum hou aangaande wat hulle verstaan onder die term “seks”. Tweedens word 'n kontinuum gevorm van die seksuele aktiwiteite wat hulle identifiseer. 'n Reflektiewe gesprek wat fokus op wanneer “seks” 'n aanvang neem, sluit die oefening af.

Uiteensetting: Die deelnemers word elkeen voorsien van drie indekskaarte waarop hulle die volgende vraag moet beantwoord: “Gee drie voorbeelde van 'n seksuele aktiwiteit – een op elke kaartjie.” Die kaartjies word ingeneem, en nadat dit aan die hele groep voorgelees is, in geen spesifieke volgorde nie, op die vloer uitgepak. Duplikate word erken maar nie ook op die vloer geplaas nie. 'n Gesprek word gevoer oor die seksuele aktiwiteite wat dalk kan ontbreek en elke

deelnemer word van nog een kaartjie voorsien. Hierop moet hulle nog een seksuele aktiwiteit neerskryf wat nie tussen die wat reeds op die vloer is, voorkom nie.

In die tweede gedeelte van hierdie aktiwiteit word die kaartjies wat op die vloer lê, ingesamel en, in geen spesifieke volgorde nie, aan die deelnemers teruggegee. 'n Streep word op die vloer getrek en die ente van die streep word “minste seksueel” en “meeste seksueel” gemerk. Die deelnemers word versoek om dan gesamentlik die seksuele aktiwiteite wat hulle geïdentifiseer het, in volgorde op die streep te rangskik, van minste seksueel tot meeste seksueel.

Laastens word die aktiwiteit afgesluit deurdat deelnemers individueel op die kontinuum moet aantoon waar hulle dink “seks” begin. Die deelnemers moet dus identifiseer watter aktiwiteite op 'n kontinuum as “seks” beskou word, en watter nie.

Die resultate van al drie oefeninge word in die observeerder se veldnotas opgeneem.

5.5 Aktiwiteit 5: Wat is 'n gesonde seksuele lewe vir jongmense?

Doel: Die doel van hierdie aktiwiteit is dat die deelnemers 'n lys moet opstel van die dinge wat hulle beskou as synde deel van 'n gesonde seksuele lewe. 'n Reflektiewe gesprek word deurentyd gevoer en 'n voorstelling word gebou wat die deelnemers se siening weerspieël.

Uiteensetting: Elke deelnemer word van drie indekskaarte voorsien. Deelnemers moet die volgende vraag beantwoord: “Skryf drie dinge neer, een per kaartjie, wat jy beskou as 'n gesonde seksuele lewe vir jongmense?” Onderskeid word getref tussen gesonde seks en 'n gesonde seksuele lewe. Die resultate word op die vloer uitgepak en vinning bespreek om duidelikheid te verkry.

In oefening twee word deelnemers weer van indekskaarte voorsien en moet hulle die twee belangrikste elemente wat in oefening een geïdentifiseer is, neerskryf. Die resultate word dan horisontaal bo-op mekaar uitgepak om sodoende 'n grafiek te vorm.

Die resultate sowel as die reflektiewe gesprek word in die observeerder se veldnotas opgeneem.

5.6 Aktiwiteit 6: Strategieë om 'n gesonde seksuele leefstyl te verkry

Doel: Die doel van hierdie aktiwiteit is om die struikelblokke in jongmense se lewens te identifiseer wat verhinder dat hulle die eienskappe wat 'n gesonde seksuele lewe voorstel (soos geïdentifiseer in aktiwiteit 5) ontwikkel.

Uiteensetting: Eerstens word al die deelnemers se aandag op die resultate van die vorige aktiwiteite gevestig. Al die resultate word weer aan die groep voorgelees en relevante temas, soos deur die observeerder geïdentifiseer, word weer genoem. Laastens word die aandag weer op die resultate van aktiwiteit 5 gefokus. Deelnemers word dan weer van indekskaarte voorsien en moet dan die volgende vraag beantwoord: "Wat dink jy is struikelblokke vir jongmense om nie gesonde seksuele lewens te handhaaf nie?" Die antwoorde word aan die hele groep voorgelees om duidelikheid te verkry, en dan op die vloer geplaas. Struikelblokke wat ontbreek, word bygevoeg aan die hand van dié wat voortgevloei het uit 'n reflektiewe gesprek. Die aktiwiteit word afgesluit deurdat die kaartjies horisontaal uitepak word met herhalings bo-op mekaar, om sodoende 'n grafiek te vorm. Die uitslae van hierdie oefening sowel as die reflektiewe gesprek wat daarmee saamhang, word in die observeerder se veldnotas opgeneem.

6. SAMEVATTING

Deelnemerobservasie is 'n unieke metodologie wat nie noodwendig in ander studies van hierdie aard gebruik word nie. Intendeel, die navorser kon geen literatuur oor studies opspoor waarin deelnemerobservasie binne die akademiese dissipline van Teologie of meer spesifiek Teologiese Etiek gebruik is nie. Dit word egter dikwels in Sosiologie gebruik. Verder word adolessente baie selde as deelnemers gebruik, juis vanweë die wispelturige aard van hierdie groep deelnemers. Die bevindinge oor adolessente is gewoonlik tydelik en veranderlik van aard, wat adolessente 'n onaantreklike studieterrrein maak. Empiriese navorsing binne Teologie is egter 'n betreklik nuwe terrein en die onderwerp, naamlik adolessente se seksuele aktiwiteit, is besonder relevant vir studies binne Teologiese Etiek. Dit hou veral potensiële voordele in vir die ontwikkeling van gespreksforums tussen geloofsgemeenskappe, asook gesprekke tussen die leiers van geloofsgemeenskappe en die adolessente wat verbonde is aan die betrokke geloofsgemeenskappe.

Vir hierdie studie was deelnemerobservasie, en veral die gebruik van die PIRASH-instrument, gepas om die doelwitte van die studie te bereik. Die feit dat die data-insameling en interpretasie so te sê gelyktydig plaasvind, kan waargeneem word in die reflektiewe gespreksvoering wat deel is van elke aktiwiteit. Deur die direkte "inspraak" van deelnemers, nie

net op die data alleen nie, maar ook op die interpretasie daarvan, kan 'n baie duideliker prentjie verkry word van die besluitnemingsraamwerk, of dan die dele van hierdie raamwerk of selfs die afwesigheid daarvan, wat adolessente gebruik wanneer hulle besluite moet neem oor seksuele aktiwiteite. Die volgende hoofstuk waarin die resultate van hierdie studie bespreek word, sal duideliker aantoon wat hierdie elemente van die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente is en sal ook die leemtes wat moontlik kan bestaan, uitwys. Vervolgens bepaal die instrument ook dat die adolessente uit eie geledere met moontlike oplossings vir die probleme wat hulleself gedurende die navorsing geïdentifiseer het, vorendag kom. Sodoende kan die geloofsgemeenskap meer genuanseerd en ingelig die leemtes in die betrokke adolessente se besluitnemingsraamwerk vul.

HOOFSTUK 4: DIE INVLOED VAN ADOLESSENTE SE GELOOFSGEMEENSAPPE OP HUL ETIESE BESLUITNEMINGSRAAMWERK MET BETREKKING TOT SEKSUELE AKTIWITEITE

1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk word 'n duidelike uiteensetting gegee van die metodologie wat tydens hierdie studie gebruik is. Tydens 'n werkwinkel is hierdie metodologie gebruik om data in te samel om sodoende die doelwitte van hierdie studie te bereik. Hierdie hoofstuk gee die data wat ingesamel is weer en plaas dit, waar nodig, binne die konteks van die studie in die geheel, maar ook binne die konteks van reeds bestaande literatuur, om verskynsels uniek aan hierdie studie, aan te dui.

2. ADOLESSENTE SE INLIGTINGSBRONNE OOR SEKS (AKTIWITEIT 1)

Die doel van hierdie aktiwiteit is om deelnemers se inligtingsbronne aangaande seksuele aktiwiteite te identifiseer en te bespreek. Hierdie aktiwiteit het afgesluit met 'n reflektiewe gesprek waar die belangrikheid van die geïdentifiseerde bronne deur die deelnemers bespreek is.


Die eerste deel van hierdie aktiwiteit vereis van deelnemers om die volgende vraag te beantwoord: "Wat dink jy is die drie invloedrykste inligtingsbronne aangaande seks vir jongmense?" Die resultate, in geen spesifieke volgorde nie, was soos volg:

- Televisie;
- Skool;
- Vriende;
- Kerk;
- VIGS-Praatjies;
- Huis;
- Internet;
- Rekenaarspeletjies;
- Tydskrifte.

Uit bostaande kan afgelei word dat die media, bestaande uit televisie, internet, rekenaarspeletjies en tydskrifte o.a. as inligtingsbron oor seks dien vir adolessente. Interpersoonlike bronne soos vriende, wat ook portuurgroep kan wees, en huis, wat ouers en grootouers insluit, dien ook as inligtingsbronne. Skool, veral vakke wat seksuele opvoeding

insluit soos Lewensoriëntering en Lewensopvoeding, en gefasiliteerde VIGS-praatjies, wat dien as seksuele opvoeding van adolessente, het ook na vore gekom. Laastens was daar ook adolessente wat gemeen het dat hul kerk/geloofsgemeenskap as 'n bron van seksuele inligting dien.


Tydens die tweede deel van hierdie aktiwiteit het die deelnemers elkeen, uit die bostaande, die twee belangrikste inligtingsbronne oor seks geïdentifiseer en dit in die vorm van 'n histogram voorgestel. Hierdie voorstelling word in Figuur 4.1 weergegee:



Figuur 4.1: Die belangrikheid van bronne

Die media, voorgestel deur beide televisie en die internet, blyk die belangrikste inligtingsbron vir adolessente te wees. Indien hierdie twee bronne gekombineer word, bepaal dit dat 50% van die totale deelnemers aan hierdie studie die media beskou as die belangrikste inligtingsbron oor seks. Vriende en skool word deur 20% van die deelnemers as belangrik geag en die huis deur slegs 10%. Indien VIGS-praatjies en skool ook gekombineer word, (omdat die meeste VIGS-praatjies by die skool plaasvind) en rekenaarspeletjies en tydskrifte saam met internet en televisie as media geklassifiseer word, blyk dit dat adolessente die kerk geensins as 'n belangrike inligtingsbron oor seks ervaar nie. Die afwesigheid van Kerk (0%) (Figuur 4.1) as 'n inligtingsbron oor seks is tekenend hiervan.

Hierdie Tematiese groepering word soos volg in Figuur 4.2 voorgestel.



Figuur 4.2: Belangrikheid van bronne: Tematies ingedeel

Soortgelyke data het aanleiding gegee tot Hetsroni (2008:14) se poging om adolessente se behoeftes op verskillende bronne vir die insameling van inligting oor seksuele aktiwiteite, seksuele siektes en seksualiteit in die algemeen, te peil. Die studie, wat in die VSA gedoen is, het 'n klomp nie-konstante antwoorde opgelewer op die vraag: “Watter bron is die belangrikste?” Hiervolgens beskou Amerikaanse adolessente hul portuurgroep, onderwysers, seksuele opevoedingsklasse en die media as die bruikbaarste inligtingsbronne oor seks. Adolessente verwys egter na vriende (portuurgroep) as die bruikbaarste inligtingsbron oor seks. In 'n studie onder Turkse adolessente word ouers en professionele bronne skaars genoem, terwyl die media en vriende so te sê al bron is waarop staatgemaak word om inligting oor seks te verskaf. Hierdie studies toon aan dat die familie in tradisionele gemeenskappe 'n kleiner rol speel in die verskaffing van inligting oor seksualiteit (Hetsroni, 2008:18).

In bogenoemde studie identifiseer Hetsroni (2008:16) drie algemene inligtingsbronne oor seks. Eerstens, *Interpersoonlike bronne* bestaande uit Familie en Vriende. Hiervolgens speel die familie 'n belangrike rol in die sosialisering van adolessente se lewe, maar wanneer dit oor seks gaan, is beide adolessente en hul ouers te skaam om te kommunikeer. Ouers vind dit moeilik om te aanvaar dat hul groeiende kinders potensieel seksueel aktief kan wees. Baie verkies om nie te weet nie. Adolessente, daarteenoor, vind dit moeilik om te aanvaar dat hul ouers ook seksuele wesens is, wat nog te sê van mentors. Volgens Hetsroni (2008:16) is die gebruik van ouers en familie as inligtingsbronne, veral in tradisionele families waar gesprekke oor seks byna taboe is, min. Die “bruikbaarheid” van die familie as inligtingsbron oor seks in die tradisionele gemeenskappe is baie minder as in die meer moderne gemeenskappe. Epstein en Ward (2008:113) redeneer dat daar in die algemeen aanvaar word dat ouers die grootste bydrae lewer tot die seksuele inligting wat adolessente ontvang, maar navorsing toon dat die meeste adolessente meer buite die huis as daarbinne oor seks leer (Epstein & Ward, 2008:113).

Bleakley *et al.* (2009:45) en Berenson *et al.* (2006:274) bewys ook dat ouers en vriende as inligtingsbronne oor seks dien, maar dat ouers as bron, die inisiëring van seks onder adolessente belet, en dat die uitlewing van die negatiewe houdings aan die kant van die ouers gekoppel kan word aan minder seksuele aktiwiteite by adolessente. Vriende word steeds as een van die belangrikste inligtingsbronne oor seks beskou, gevolg deur skool, televisie, familie en laaste die gedrukte media.

Hetstroni (2008:17) identifiseer tweedens die sogenaamde *professionele bronne: Die skoolsisteem en gesondheidswerkers*. Daar word aangevoer dat vrees vir ongewenste openbaarmaking van adolessente se navrae en ongereelde toegang tot hierdie bronne, die benutting van hierdie bronne negatief beïnvloed. Verder is baie van die professionele persone nie gewillig om genoeg tyd saam met nie spraaksame en moeilike adolessente deur te bring nie, wat meebring dat die adolessente nie 'n vertrouensverhouding met die betrokke persoon wat as bron dien, kan ontwikkel nie. Hierdie verskynsel sluit aan by die studie van Pattee (2006:30) wat bevind het dat die kurrikulum wat gebruik word in openbare skole om seksuele opvoeding te fasiliteer, die leer van die meganika en die biologiese volwassenheid van seks baie goed behandel, maar nie noodwendig aandag skenk aan die sosiale konteks waarin hierdie verskynsels plaasvind nie. Pattee (2006:30) redeneer dat indien die samelewing die proses van seksuele ontwikkeling erken as een wat 'n definitiewe biologiese en sosiologiese komponente bevat, asook dat die proses plaasvind, nie net binne individuele ervaring nie, die limiete van huidige seksuele opvoedingskurrikulums as inligtingsbronne oor seks, erken sal word (Pattee, 2006:30).

Die laaste inligtingsbron oor seks wat deur adolessente gebruik word, wat Hetstroni (2008:18) identifiseer, is die *media*. Hierby word ingesluit, die internet, gedrukte media, televisie, rekenaarspeletjies en films. Bleakley *et al.* (2009:40) redeneer dat die media meer soos 'n portuurgroep vir adolessente beskou moet word en dat, in verhouding met adolessente wat nie inligting oor seks uit die media kry nie, adolessente wat wel die media as bron benut, onder die indruk verkeer dat van hulle vriende of ander adolessente ook aan seksuele aktiwiteite deelneem (Bleakley *et al.* 2009:40). Die voorkoms van seksuele inhoud in die media gee aan adolessente baie, meestal misleidende, seksuele getuienis, van hande vashou tot eksplisiete tonele of uitdrukkings van seks (Cohen *et al.* 2008:463). Die media word ook deur Epstein en Ward (2008:115) as een van die prominente bronne van seksuele inligting vir adolessente seuns beskou. Alhoewel die media se kommunikasie nie as een-tot-een beskryf kan word nie, hou die media-inhoud dikwels baie boodskappe en modelle, asook voorbeelde, van seksuele aktiwiteit, seksuele gedrag en seksualiteit voor.

Adolessente wat deelgeneem het aan hierdie studie se rapportering van die bronne wat hulle gebruik om inligting oor seks in te samel is dus in ooreenstemming met huidige tendense. Uit die reflektiewe gesprek wat na afloop van hierdie aktiwiteit gevoer is, het dit duidelik geblyk dat adollesente nie op hul gemak is om die kerk as 'n inligtingsbron oor seks te identifiseer nie, omdat die boodskap wat die kerk oor seks gee, oorbekend is en omdat hulle die openbaarmaking van hul soeke na inligting vrees. Verder het dit ook duidelik geword dat die bruikbaarste bron en die een wat die meeste gebruik word, vir die deelnemers die media, maar meer spesifiek die internet, was. Dit is 'n tendens wat ook deur die literatuur wat ondersoek is, aangedui is.

Vervolgens word die boodskappe van die verskillende bronne, maar spesifiek die geloofsgemeenskap van adollesente, oor seks weergegee en bespreek.

3. DIE INHOUD VAN GELOOFSGEMEENSAPPE SE BOODSKAPPE AAN ADOLESSENTE OOR SEKSUALITEIT (AKTIWITEIT 2)

Na aanleiding van aktiwiteit 1 waarin die deelnemers aan die huidige studie die inligtingsbronne vir adollesente oor seks geïdentifiseer het, word daar in aktiwiteit 2 gekyk wat die boodskappe is wat hierdie bronne aan adollesente aangaande seksualiteit, seksuele gedrag en seksuele aktiwiteite oordra. Die aktiwiteit is dus in drie dele verdeel. Eerstens word die algemene boodskappe van die bronne wat in aktiwiteit 1 geïdentifiseer is, genoem. Daarna word spesifiek gekyk na die algemene boodskappe oor seks wat uit die adollesente se geloofsgemeenskappe kom en watter boodskappe die adollesente as die belangrikste sien. Die aktiwiteit sluit af met 'n reflektiewe gesprek waarin die deelnemers kommentaar lewer oor die data wat tydens die aktiwiteit ingesamel is.

In die bespreking van hierdie aktiwiteit as deel van hierdie hoofstuk word die data weergegee waarna dit gekontekstualiseer word met reeds bestaande literatuur.

Die bronne wat in die eerste aktiwiteit as belangrik bestempel is, is die internet, vriende, skool, televisie en huis. Op grond hiervan is die deelnemers versoek om vir elkeen van hierdie bronne die belangrikste boodskap wat die spesifieke bron oor seks gee, neer te skryf. Die resultate was soos volg:

Tabel 4.1: Boodskappe van die onderskeie bronne

Bron	Boodskap
Internet	“Doen dit”; Hoe?, Wat?, Waar?; Die gevolge van seks;
Vriende	“Moet dit doen om aanvaar te word”; “As jy dink dit is jou ‘trouman/-vrou’ is dit okay”; “Dit is soos ’n kompetisie vir ouens”;
Skool	“Dit is verkeerd”; “Die nagevolge: VIGS, swangerskap, hoe om ’n kondoom te gebruik”;
Televisie	“Dit is okay, kan selfs pret wees”; “Dit is soos om ’n kar te ‘test-drive’ jy moet weet wat jy gaan kry”; “Seks voor die huwelik is fine”; “Seks met ander maak jou verhouding met jou man/vrou eendag beter”;
Huis	“Ouers praat nie daarvoor met ons nie, hulle neem die verantwoordelikheid daarvoor nie”; “Moenie swanger word nie”; “Ouers vertrou hul kinders om die regte besluite te neem.”

Dit is duidelik dat die algemene boodskap van al bogenoemde bronne seksuele aktiwiteit as positief sien, of dit binne die raamwerk van “verantwoordelikheid” aanmoedig. Die media-bronne, soos Internet en televisie, skets uiters positiewe prentjies van seks en asof almal daarby betrokke is.

Sowel die ouers as die skool se boodskappe plaas nie noodwendig klem op seks as iets slegs nie, maar op die verantwoordelikheid wat op die adolessent rus om gesonde seksuele praktyk te beoefen. Die gebruik van kondome en kontrasepsie word aanbeveel om die gevaar van MIV/VIGS en ongewenste swangerskappe te verhoed. Tydens die reflektiewe gesprek wat met die deelnemers na afloop van hierdie aktiwiteit gevoer is, het dit duidelik geword dat daar ’n groter vrees is vir MIV/VIGS as wat daar is vir ongewenste swangerskappe. Daar is in skole sterker klem gelê op die gebruik van kondome as voorkomende maatreël vir seksueel oordraagbare siektes, as vir die gebruik van kondome, of enige ander vorm van kontrasepsie, om swangerskappe te voorkom.

Die algemene boodskap wat van vriende ontvang is, is dat seks iets normaal is onder adolessente, dat seksuele aktiwiteite deel is van die aanvaardingsproses en nodig is om deur die portuurgroep aanvaar te word. Tog is daar tekens dat adolessente seks as iets spesiaals


beskou, deurdat daar klem gelê is op die “trouman/-vrou”-konsep. Vriende uiter dus die oordeel dat seksuele aktiwiteite goed en reg is, indien daar ’n vertrouensverhouding tussen die twee partye bestaan en indien die moontlikheid van ’n langtermynverhouding nie uitgesluit is nie.

Gedurende die tweede deel van hierdie aktiwiteit is die deelnemers gevra: “Wat is die drie belangrikste boodskappe oor seks wat jy by jou geloofsgemeenskap hoor?” Tydens hierdie breinblits het die deelnemers agt verskillende boodskappe geïdentifiseer:

- Moenie ’n meisie nalaat as sy swanger is nie;
- Moenie ’n aborsie kry nie;
- Behou jou maagdelikheid totdat jy wil swanger raak;
- Hou seks spesiaal;
- Nie regtig iets nie;
- ’n Ou het nie respek vir sy meisie as hy aandring op seks voor die huwelik nie;
- Moenie egbreuk pleeg nie;
- Seks voor die huwelik is sleg.

Al agt hierdie boodskappe plaas die seksuele aktiwiteite van adolessente in ’n negatiewe lig. Die boodskap wat adolessente in die algemeen oor seksuele aktiwiteit komende van hul geloofsgemeenskap ontvang, is dat dit sleg is, dat dit verkeerd is en dat daar negatiewe gevolge is vir enige vorm van seksuele aktiwiteit. Dit is ook belangrik om te let op die feit dat die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, ervaar dat die geloofsgemeenskap, in hierdie geval ’n Christelike geloofsgemeenskap, “nie veel” oor seks sê nie. Daar bestaan dus ook die ervaring onder adolessente dat omdat die geloofsgemeenskap nie met hulle oor seks praat nie, hulle nie die vrymoedigheid het om met leiers of persone in die geloofsgemeenskap oor seks te praat nie.

Op die vraag: “Wat is die twee belangrikste boodskappe oor seks wat jy by jou geloofsgemeenskap hoor?” het die deelnemers uit bostaande boodskappe die volgende geïdentifiseer en dit in die vorm van ’n histogram voorgestel:



Figuur 4.3: Die boodskappe van geloofsgemeenskappe

Uit bostaande figuurgegewens is dit duidelik dat adolessente die belangrikste boodskap oor seks komende van die geloofsgemeenskap ervaar as “seks voor die huwelik is sonde.” Gepaardgaande hiermee is die boodskap van “moenie egbreuk pleeg nie” ook duidelik. Die verskynsel dat die “kerk nie veel sê nie” het ook redelik groot aftrek geniet. Dit is belangrik om te let op die feit dat, alhoewel dit nie deel was van die reeks boodskappe waaruit hulle kon kies nie, adolessente ook die boodskap “slegs tussen 'n man en 'n vrou” as belangrik beskou het (10% van deelnemers het hierdie boodskap as belangrik as die ander geag).

Voordat die boodskappe van die geloofsgemeenskap binne die konteks van bestaande literatuur geplaas word, moet die boodskappe van die ander bronne eers binne konteks geplaas word. Die rede hiervoor is dat die ander bronne as gewilder deur adolessente ervaar is en daarom behoort tot die konteks waarbinne hulle die boodskappe van die geloofsgemeenskap sien.

Epstein en Ward (2008:114) het gevind dat adolessente seuns aan wie gevra is wat die tien onderwerpe is wat die meeste deur hul ouers (by die huis) met hulle bespreek word, die meeste gehandel het oor MIV/VIGS, die gebruik van kondome en seksueel oordraagbare siektes. Onderwerpe wat gehandel het oor seksuele plesier, soos masturbasie, is die onderwerpe wat die minste deur ouers met adolessente bespreek word. Die grootste gedeelte van kommunikasie oor seks tussen ouers en adolessente handel oor die veiligheid van seksuele aktiwiteite en die gebruik van effektiewe kontrasepsie, maar die minste van hierdie boodskappe handel oor die positiewe aspekte van seksualiteit (Epstein & Ward, 2008:114).

Hierdie bevindinge stem ooreen met die van Bleakley *et al.* (2009:37) wat gevind het dat ouers meer oor seksueel oordraagbare siektes en MIV praat en dat hulle morele lesse daarby probeer insluit, terwyl die adolessent eerder seksuele norme van hul portuurgroep leer. Ouers, grootouers en geloofsleiers is geassosieer met meer negatiewe oortuigings aangaande seks, maar elke gesagsfiguur is geassosieer met 'n ander negatiewe boodskap. Gesprekke met ouers lei tot 'n verlaging in die inisiëring van seksuele aktiwiteite deur adolessente en die uitlewing van negatiewe houdings teenoor seksuele aktiwiteite aan die kant van die ouers kan gekoppel word aan minder deelname deur adolessente aan seksuele aktiwiteite (Berenson *et al.*, 2006:274).

In teenstelling hiermee is die boodskappe wat van vriende ontvang word, veel meer positief en aanmoedigend oor seksuele aktiwiteite. Berenson *et al.* (2006:274) redeneer dat die verhouding tussen die portuurgroep se persepsies van seksualiteit en die adolessent se persepsie afhanklik is van mekaar. Adolessente sal betrokke raak by dieselfde riskante seksuele aktiwiteite as hulle vermoed dat hul vriende (portuurgroep) ook by sulke aktiwiteite betrokke is. Vriende het 'n positiewe boodskap oor seks en voer ook aan dat om seksueel aktief te wees, die aanvaarde norm is (Bleakley *et al.*, 2009:46).

'n Sigbare negatiewe aspek van die aanwending van vriende as bron oor seksuele aktiwiteite is dat die inligting nie altyd akkuraat is nie, maar verkies adolessente nietemin om advies van hulle vriende te vra as van volwassenes omdat hulle bang is dat die inhoud van hul navraag nie vertroulik hanteer gaan word nie en dat dit hulle kan verneder (Hetstroni, 2008:17). Die algemene ondertoon van die boodskappe wat deur vriende aan adolessente oor seks oorgedra word, is "pro-seks", so seer dat "heteroseksuele seksuele aktiwiteite" 'n hoër status aan adolessente gee en dikwels in terme van prestige bespreek word.

Studies het getoon dat die oorheersende boodskap wat adolessente seuns van hul vriende ontvang, is om soveel seks as moontlik te hê. Manlike vriende praat ook meer oor die gebruik van kondome en die negatiewe gevolge van onveilige seks. Die primêre boodskap is dus dat seks positief en normatief is en dikwels 'n "moet" is vir sosiale aanvaarding (Epstein & Ward, 2008:115).

Gesaam met die positiewe boodskappe oor seks wat van vriende verkry word, dra die media (internet en televisie) ook by tot verdere positiewe boodskappe oor seks. 'n Analise van populêre programme onder adolessente identifiseer 83% seksuele inhoud (Epstein & Ward, 2008:114). Die sterkste boodskap hiervan is dat seks as 'n rekreasie-aktiwiteit gebruik kan word, dat seks buite 'n verhouding goed kan wees, en dit onderbektoon seksuele risiko's en verantwoordelikhede. Tydskrifte wat gefokus is op mans, lig die sentraliteit van seksualiteit en

seksuele ondervinding as deel van manlikheid uit, dikwels in die vorm dat “goeie seks” in terme van kwantiteit en verskeidenheid heteroseksuele seksuele aktiwiteite uitgedruk word (Epstein & Ward, 2008:115). Verdere studies het ook getoon dat gereelde blootstelling aan genres met hoë seksuele inhoud geassosieer word met ’n groter aanvaarding van nie-verhouding seks en die seksuele stereotipering van vroue as voorwerpe en mans as “plasers” (Epstein & Ward, 2008:115).

Cohen *et al.* (2008:463) wys daarop dat die voorkoms van seksuele inhoud in die media dikwels misleidende getuigenis van seks gee en dat die inhoud dikwels min inligting oor gesonde seksuele praktyk bevat, maar wel seksuele stereotipes beklemtoon. Die media dui aan dat seksuele gedrag onder adolessente aanvaarbaar is, en dit het ’n invloed op adolessente se seksuele aktiwiteite. Die blootstelling aan hierdie inhoud word geassosieer met adolessente se eie inisiasie in seksuele aktiwiteite.

Hetstroni (2008:18) meen dat die media deurtrek is van seksuele boodskappe wat adolessente aan ’n verskeidenheid seksuele gedrag blootstel. Die algemene voorstelling van seksuele gedrag is ’n risiko-vrye gedrag in die media en dit skep die idee dat seks altyd pret en risiko vry is. Ten spyte daarvan dat adolessente bewus is van die diskrepansie tussen die boodskappe van die media en dié van die ander bronne is die media meer toeganklik en dra daardie boodskappe dus meer gewig as boodskappe van ander bronne. Verder neem die vertroue wat adolessente in die boodskappe van die media plaas toe, juis omdat die ander bronne se boodskappe veroordelend of onsigbaar is (Hetstroni, 2008:18).

Dit is dan binne die konteks van boodskappe van bostaande bronne oor seks dat die adolessent se geloofsgemeenskap ook probeer om ’n stem te hê. Benewens die feit dat die navorsing van die huidige studie toon dat die geloofsgemeenskap se boodskappe oor seksuele aktiwiteit die negatiewe aard van seks beklemtoon, rapporteer die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het ook dat die geloofsgemeenskap nie veel oor seks sê nie. Bleakley *et al.* (2009:43) het gevind dat adolessente wat van geestelike leiers as inligtingsbronne oor seks gebruik maak, aansienlik minder geglo het dat seks positiewe gevolge kan hê indien hulle geslagsomgang het met persone anders as hul seksuele of romantiese vennote. Hiermee saam het Bleakley *et al.* (2009:43) bevind dat geloofsleiers ook die minste genader word om inligting oor seks te bekom. Die reflektiewe gesprek van hierdie oefening het uitgewys dat die boodskappe wat adolessente van geloofsgemeenskappe ontvang as nutteloos en onduidelik deur hulle ervaar word. Een van die deelnemers het aangetoon dat die enigste gesprek wat in haar geloofsgemeenskap plaasgevind het oor seks, gebruik gemaak het van ’n metafoer dat seks soos roomys is en dat wanneer hulle deur “roomys” gekonfronteer word, hulle moet onthou dat dit sonde is om “roomys” buite die huwelik te eet. Die boodskappe van

geloofsgemeenskappe, indien daar enigsins oor seks gepraat word, is dus dat dit verkeerd en sonde is – dit, ten spyte van die feit dat navorsing toon dat adolessente behoefte daaraan het om oor seks te praat (Pattee, 2006:31).

Daar moet egter ook aandag geskenk word aan die verskynsel dat een van die boodskappe wat die geloofsgemeenskap oor seksuele aktiwiteit gee, dít is dat dit slegs tussen ’n man en vrou mag plaasvind. Vir hierdie studie is dit egter nie nodig nie, omdat die fokus nie is op die etiese besluitnemingraamwerk aangaande seksuele voorkeur nie, maar wel seksuele gedrag. Verdere studie op hierdie gebied word voorgestel.

Indien die algemene boodskappe van die onderskeie bronne in drie groepe ingedeel word, naamlik: Positief, Neutraal en Negatief, kan dit soos volg voorgestel word:

Positief	Neutraal	Negatief
Media Vriende	Skool Huis	Geloofsgemeenskap (wanneer daar wel ’n boodskap is)

Hieruit is dit duidelik dat die adolessent se geloofsgemeenskap alleen staan ten opsigte van die tipe boodskappe wat dit gee en dat dit as bron nie werklik ’n impak maak op die seksuele gedrag van adolessente nie. Die geloofsgemeenskap se boodskap word oorskadu deur die neutrale boodskap wat die skool en huis aan adolessente gee en deur die oorweldigende positiewe boodskap wat van vriende en die media ontvang word.

Die vraag wat ontstaan is dus: Indien die geloofsgemeenskap dus nie ’n invloed op adolessente se seksuele aktiwiteite het nie, wat is adolessente se persepsie aangaande seksuele aktiwiteite dan, met inagneming van de boodskappe wat hulle uit die onderskeie bronne geïdentifiseer het?

Daar word in die volgende aktiwiteit (aktiwiteit 3) aandag geskenk aan adolessente se persepsies aangaande seksuele aktiwiteite deurdat deelnemers met hierdie aktiwiteit ’n raamwerk konstrueer aangaande hul eie verstaan van seks asook hul persepsies van portuurgroepe se seksuele aktiwiteite.

4. PERSEPSIES AANGAANDE SEKSUELE AKTIWITEITE VAN ADOLESSENTE (AKTIWITEIT 3)

Deelnemers word blootgestel aan ’n reeks stellings en moet dan aantoon of hulle “saamstem”, “nie seker is nie” of “nie saamstem nie”, met die onderskeie stellings. Vervolgens word die

stellings asook die aantal deelnemers wat daarmee saamstem, daarvan verskil of nie weet nie, aangetoon (vergelyk Tabel 4.2).

Tabel 4.2: Deelnemerperspektiewe

Stelling	% Stem Saam	% Stem Nie Saam Nie	% Ek weet nie
1. Seks voor die huwelik is verkeerd	100		
2. Soen is seks		100	
3. Masturbasie is gesond		20	80
4. Om 'n persoon van 'n ander geslag kaal te sien is verkeerd	40	20	40
5. Tieners in my gemeenskap is seksueel aktief	60	20	20
6. 'n Persoon wat nooit trou nie, mag nooit seks hê nie.	20	40	40
7. Tieners in my gemeenskap dink jy moet 'n maagd wees voor jy trou	60		40
8. Orale seks is verkeerd	100		
9. Die kerk het onrealistiese verwagtinge oor seks vir tieners in die 21ste eeu	40	20	40
10. Die kerk moet ons leer oor kondome	100		
11. As ek seks met 'n persoon het, moet ek met daardie persoon trou	20	40	40
12. In Potch lei drank na seks	60		40
13. Dit is gesond om aan seks te dink	20	60	20
14. As ek in 'n liefdevolle verhouding is, is dit reg om seks te hê	100		
15. Om seks met iemand van dieselfde geslag te hê is verkeerd		100	
16. Dit is verkeerd vir 'n swart en wit persoon om seks met mekaar te hê		100	
17. Reëls oor seks verskil vir ouens en meisies		100	
18. VIGS is 'n straf vir seksuele sonde	60		40
19. Dit is belangriker vir 'n meisie om 'n maagd te wees voor sy trou, as vir 'n ou om 'n maagd te wees		100	
20. Ons moet God dank vir 'n orgasme	20		80
21. Ek weet nie wat 'n goeie huwelik maak nie	40	40	20
22. My kerk leer my dat seks sleg is			100

Uit hierdie inligting word dit sigbaar dat adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, van mening is dat seks voor die huwelik sowel as orale seks verkeerd is (Stellings 1 en 8). Alhoewel beide hierdie aktiwiteite as verkeerd beskou word, rapporteer 'n groot aantal adolessente seksuele gedrag tydens hul hoërskooljare (Manning *et al.*, 2005:385) en bevind Halpern-Felsher *et al.* (2005:845) dat beide hierdie aktiwiteite gereeld onder adolessente plaasvind.

Daar is 'n duidelike voorkeur vir orale seks bo vaginale seks onder heteroseksuele adolessente (Halpern-Felsher *et al.*, 2005:846) omdat adolessente die persepsie het dat orale seks minder gesondheidsrisiko's sowel as sosiale risiko's inhou. Adolessente is ook onder die indruk dat

orale seks meer onder hul portuurgroep voorkom as vaginale seks. Hierdie bevindinge word ondersteun deur Prinstein, Meade en Cohen (2003:243) wat gevind het dat adolessente deelneem aan orale seks om die risiko's verbonde aan ander vorme van seksuele aktiwiteite te vermy. Hierdie tendens, dat orale seks veiliger is as vaginale seks, dat dit nie as deel van "seksuele omgang" beskou behoort te word nie en dat iemand wat orale seks toepas of ontvang het, steeds as 'n maagd beskou kan word, word verder ondersteun deur 'n studie van Sawyer *et al.* (2007:50). Hieruit is dit duidelik dat adolessente eerstens 'n sterk voorkeur toon vir orale seks bo vaginale seks, en dat hulle, anders as die deelnemers aan hierdie studie, vaginale seks of orale seks nie as verkeerd beskou nie.

Hierdie verskil in persepsie kan verklaar word aan die hand van kultuurverskille en geloofsverskille omdat al bostaande navorsing buite die Suid-Afrikaanse konteks uitgevoer is en nie een van die studies melding maak van geloofsbeginsels as deel van die deelnemers se kriteria vir hierdie persepsie nie.

Verder, alhoewel die deelnemers duidelik te kenne gegee het dat hulle seks voor die huwelik (beide vaginale en orale seks) as verkeerd beskou, is dit uit hul reaksie op ander stellings duidelik dat dit nie altyd die geval is nie. Stellings waarin daar nie 'n duidelike uitspraak oor seksuele aktiwiteite gemaak is nie, het die persepsie van die deelnemers verdeel. So het 'n groter aantal deelnemers nie gemeen dit is verkeerd om iemand van die ander geslag kaal te sien nie (stelling 4) en was die meeste van die deelnemers van mening dat persone wat nooit trou nie, wel seksueel aktief mag wees (stelling 6). Hiermee saam was dit duidelik dat die huwelik nie noodwendig 'n vereiste word vir seksuele aktiwiteite om "reg" te wees nie. Slegs 'n klein aantal deelnemers was onder die indruk dat wanneer twee persone seksuele omgang met mekaar gehad het hulle met mekaar moet trou (stelling 11), terwyl al die deelnemers van mening was dat 'n liefdevolle verhouding (nie huwelik nie) 'n voorvereiste vir seksuele omgang is (stelling 14).

Hierdie bevindinge word ondersteun deur, onder andere, Royer *et al.* (2009:369) wat bevind het dat romantiese verhoudings onder adolessente normaal is en ook verwag word van dié in die adolessente-ontwikkelingsfase. Hierdie romantiese verhoudings speel 'n belangrike rol in die alledaagse lewens van adolessente en dit het 'n groot invloed op al die ontwikkelingsvlakke tydens adolessensie (Royer *et al.*, 2009:369). Manning *et al.* (2005:386) het gevind dat die meeste adolessente hul eerste seksuele ervaring opdoen binne hierdie romantiese verhoudings. Die voordeel hiervan is dat adolessente wat seksueel aktief is binne 'n romantiese verhouding meer geneig is om kondome en ander kontrasepsie te gebruik as adolessente wat seks buite so 'n romantiese verhouding beoefen (Manning *et al.*, 2005:387).

Om dus bloot te sê dat adolessente die persepsie handhaaf dat seksuele aktiwiteit buite die huwelik verkeerd is, is nie korrek nie. Dit is duidelik dat ander aspekte van adolessente se lewens 'n invloed op hierdie persepsie gaan hê.

Die invloed wat die seksuele aktiwiteite van portuurgroepe het, is een hiervan. Die meerderheid deelnemers aan hierdie studie is van mening dat adolessente in hul gemeenskap seksueel aktief is (stelling 5) en dat adolessente in hul gemeenskap onder die indruk is dat maagdelikheid belangrik is voor 'n individu in die huwelik tree (stelling 7). Die persepsie dat die individu 'n maagd moet wees voor die huwelik word egter gekontrasteer deur die groot aantal deelnemers wat nie die persepsie handhaaf dat seks tussen twee persone noodwendig 'n huwelik tot gevolg het nie (stelling 11). Die invloed van portuurgroepe se persepsies van seksuele aktiwiteite op die persepsie van die adolessent as individu is reeds in 'n vroeëre hoofstuk bespreek. Wat wel bygevoeg kan word, is dat adolessente wat seksuele aktiwiteite rapporteer verhoogde status binne hul portuurgroep geniet en dat gewilde adolessente groter druk ervaar om te rapporteer dat hulle seksueel aktief is (Prinstein, Meade & Cohen, 2003:247). Dit wil voorkom of adolessente hoër status aan vriende gee wat rapporteer dat hulle seksueel aktief is, mits die seksuele aktiwiteite as relatief veilig beskou kan word. Hoe groter die getal seksuele vennote wat adolessente rapporteer, hoe laer is die gewildheidsvlakke en in 'n mate, hoe laer die vlak van portuurgroepaanvaarding (Prinstein, Meade & Cohen, 2003:247).

Geslag en maagdelikheid is twee ander aspekte wat 'n invloed kan hê op die persepsie wat adolessente oor seksuele aktiwiteite handhaaf. Deelnemers aan hierdie studie het geen onderskeid getref tussen die belangrikheid van maagdelikheid tussen seuns en meisies nie (stelling 19) en dit was ook duidelik dat verskillende reëls aangaande seks nie vir die verskillende geslagte geld nie (stelling 17). Dit blyk dat die gelykheid onder die geslagte egter uniek is aan hierdie groep adolessente. Dahlbeck *et al.* (2006:257) het gevind dat daar in ander Sub-Sahara Afrika-lande duidelik druk op adolessente seuns geplaas word om betrokke te raak by voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Hulle neem deel aan hierdie voorhuwelikse seksuele aktiwiteite om hul "manlikheid" te bewys (Dahlbeck *et al.*, 2006:260). Hierdie verskynsel word beskryf aan die hand van die unieke kultuurverskille tussen die deelnemers aan die onderhawige studie en die deelnemers aan die studie van Dahlbeck *et al.* (2006:260), wat Zambiese deelnemers betrek het.

Die laaste aspek wat tydens hierdie aktiwiteit behandel word wat 'n invloed het op die persepsie wat adolessente aangaande seksuele aktiwiteite het, is die invloed van die kerk/geloofsgemeenskap. Deelnemers aan hierdie studie was verdeeld oor die stelling dat die kerk in die 21ste eeu onrealistiese verwagtinge met betrekking tot seks aan adolessente stel (stelling 9), alhoewel die meerderheid deelnemers met die stelling saamgestem het. Verder het

al die deelnemers die stelling dat die kerk hulle leer dat seks sleg is, ondersteun (stelling 22). Hierdie tendens is verder ondersteun deur die groot aantal deelnemers wat onseker daaroor was of hulle mag “dankie sê” vir ’n orgasme (stelling 20) en ook dat VIGS ’n straf is vir seksuele sonde (stelling 18). Tydens die reflektiewe gesprek na afloop van hierdie oefening het een van die deelnemers haar kommer oor die tendens van hierdie drie stellings uitgespreek: “Indien seks voor die huwelik sleg is, wat maak dit so anders na die huwelik?”

Die noodigheid van die kerk se toetreding tot seksuele opvoeding is verder duidelik gemaak deurdat al die deelnemers gevoel het die kerk moet hulle leer oor die gebruik van kondome as voorbehoedmiddel teen swangerskap (kontrasepsie) asook teen geslagsiektes (stelling 10).

Ter afsluiting van hierdie afdeling word die volgende stellings en die bevindinge daaruit individueel genoem:

- Al die deelnemers het soen nie as seks beskou nie (stelling 2);
- Die meeste deelnemers was onseker oor die gesondheid van masturbasie met ’n klein aantal deelnemers wat dit as ongesond beskou het (stelling 3);
- Die meeste deelnemers was onder die indruk dat, in hul gemeenskap, drank tot seks lei (stelling 12);
- Denke oor seks is deur die meeste deelnemers as ongesond beskou (stelling 13);
- Al die deelnemers was van mening dat homoseksualiteit nie verkeerd is nie (stelling 15);
- Die deelnemers het almal gemeen dat ras nie ’n rol speel by seksuele aktiwiteite nie (stelling 16);
- Die deelnemers was verdeeld oor die vraag of hulle weet wat ’n goeie huwelik maak (stelling 21).

Dit is duidelik dat adolessente se persepsies van seksuele aktiwiteite kompleks is. Deelnemers aan hierdie studie was almal betrokke by ’n spesifieke geloofsgemeenskap, maar ten spyte van die negatiewe boodskappe wat hulle uit daardie gemeenskap ontvang het, was hul persepsie van seks meestal positief. Op grond hiervan word ’n verdere uiteensetting van wat adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteit is, in die volgende hoofstuk van hierdie studie gegee.


Na aanleiding van die voorafgaande aktiwiteite is dit duidelik watter inligtingsbronne aangaande seksuele aktiwiteite adolessente gebruik (aktiwiteit 1), wat die oorkoepelende boodskap van daardie bronne is (aktiwiteit 2) en hoe dit hul persepsies van seksuele aktiwiteite beïnvloed (aktiwiteit 3). Vervolgens word daar gekyk na die tipe seksuele aktiwiteite waaraan adolessente deelneem (aktiwiteit 4).

5. 'N KONTINUUM VAN ADOLESSENTE SE SEKSUELE AKTIWITEITE (AKTIWITEIT 4)

Tot dusver is die vooronderstelling gehandhaaf dat die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, weet wat bedoel word met die term “seksuele aktiwiteit” en dat hulle deeglik bewus is van seksuele aktiwiteite onder hul portuurgroep/vriende. Die doel van aktiwiteit 4 is om die spesifieke seksuele aktiwiteite van adolessente te identifiseer en om dit op 'n kontinuum te plaas van minder tot meer seksueel. Na aanleiding hiervan is adolessente ook instruksie gegee om te identifiseer “wanneer” hulle meen seks begin, met ander woorde watter aktiwiteite hulle wat aan hierdie studie deelgeneem het as “seks” beskou en watter aktiwiteite nie noodwendig na hulle mening deel uitmaak van dit wat deur die gemeenskap/sosiale omgewing as “seks” beskou word nie. Deelnemers moes ook aandui waar hul geestelike leiers dink seks begin.

Die doel van hierdie aktiwiteit is drieledig. Eerstens word die tipe seksuele aktiwiteite waaraan adolessente deelneem, geïdentifiseer, sodat die konteks van adolessente seksuele aktiwiteite duidelik is. Tweedens word die gedrag wat adolessente as “seks” beskou, aangedui om adolessente se persepsie van “aanvaarbare” voorhuwelikse seksuele aktiwiteite aan te dui. Die invloed wat die geloofsgemeenskap op adolessente se seksuele aktiwiteite het, word laastens aangedui deurdat adolessente moet aandui waar op die kontinuum hul geestelike leiers sal aandui dat “seks” begin.

Deelnemers is versoek om drie voorbeelde van 'n seksuele aktiwiteit te noem en dit dan in volgorde van meer tot minder seksueel van aard op die vloer uit te pak met behulp van indekskaarte. Die resultaat word in Figuur 4.4 aangedui.



Figuur 4.4: Kontinuum van Seksuele aktiwiteite

Deelnemers is versoek om elke aktiwiteit te verduidelik sodat konsensus tussen die navorser en die deelnemers bereik kon word, veral in gevalle waar metaforiese taal gebruik is om seksuele aktiwiteite aan te dui.

Deelnemers het vaginale penetrasie as die sensueelste aktiwiteit geïdentifiseer, waarin die penis van 'n man die vagina van 'n vrou penetreer.

Twee vorme van orale seks is aangedui. "Blow job" word gebruik wanneer 'n man orale seks ontvang en "muff" word gebruik wanneer 'n vrou orale seks ontvang.

"Doggie style" word gebruik indien anale seksuele aktiwiteit plaasvind. "Hand Job" vind plaas wanneer 'n man deur iemand anders as homself gemasturbeer word en dit is as meer seksueel beskou as die gebruik van 'n vibrator tydens seksuele omgang ("vibrator") en ook is dit as meer seksueel beskou as die stimulasie van 'n vrou se geslagsdele deur iemand anders ("vinger").

"Dry Humping" vind plaas wanneer twee persone mekaar se geslagsdele stimuleer tot op die punt van orgasme, sonder om hul klere uit te trek, maar deur hul geslagsdele teen mekaar te skuur.

"Brei" is die term wat gebruik word wanneer 'n man op intieme wyse aan 'n vrou se borste vat.

Masturbasie dui in die bostaande figuur slegs op individuele selfstimulering. Dit word as meer seksueel beskou as die kyk na pornografie. Deelnemers aan hierdie studie het "dink aan seks" of "fantasering" as die mins seksuele aktiwiteit beskou.

Figuur 4.4 maak nie voorsiening vir die seksuele aktiwiteite binne die homoseksuele konteks nie. Deelnemers het aangedui dat van bostaande aktiwiteite deel kan uitmaak van homoseksuele individue se seksuele aktiwiteite en dat dit ook 'n soortgelyke kontinuum kan hê. Daar was egter geen deelnemers wat aangedui het dat hulle homoseksueel is of deelneem aan homoseksuele aktiwiteite nie; daarom word veronderstel dat die bostaande aktiwiteite slegs binne die konteks van heteroseksuele aktiwiteite plaasvind.

Uit die opbou van 'n kontinuum van die verskillende seksuele aktiwiteite is dit duidelik dat (heteroseksuele) adolessente vaginale penetrasie as die hoogste vorm van seks beskou. Orale asook anale seks word as minder seksueel aangedui, wat ook kan beteken dat adolessente hierdie twee seksuele aktiwiteite as minder riskant beskou. Die verskynsel dat anale seks as minder seksueel beskou word as (heteroseksuele) vaginale penetrasie was uniek aan hierdie groep deelnemers (*cf.* Gates & Sonenstein, 2000:295; Martin, Martin & Martin, 2001:601; Woody *et al.*, 2000:261).

Die hiërargie van seksuele aktiwiteite, soos opgestel deur Moore en Rosenthal (2006:14), plaas anale seks ná vaginale penetrasie en wys daarop dat dit slegs as 'n variëteit op vaginale penetrasie beskou word. Hierdie bevindinge stem ooreen met die van Woody *et al.* (2000:261) wat aandui dat dit slegs 'n klein groepie seksueel aktiewe adolessente is wat aan anale seks deelneem.

Anale seks word egter deur manlike adolessente beskou as 'n plaasvervanger vir vaginale penetrasie omdat hierdie seksuele aktiwiteit minder risiko's inhou vir swangerskap en die oordrag van seksueel oordraagbare siektes (Gates & Sonenstein, 2000:296).

Die voorkoms van orale seks onder adolessente asook die plek waar dit binne die kontinuum val, word nie as uniek beskou nie. Orale seks word as algemene praktyk beskou binne adolessente se seksuele aktiwiteite (Moore & Rosenthal, 2006:12; Mash, 2006:15; Woody *et al.*, 2000:262) omdat die meeste adolessente orale seks nie werklik as "seks" beskou nie.

Studies deur Woody *et al.* (2000:262) rapporteer dat orale seks veel meer onder adolessente plaasvind as wat vroeër bepaal is en dat orale seks deur die man meer plaasvind as orale seks deur die vrou. Daar is ook bevind dat daar nie verskille is tussen die gee en ontvang van orale seks deur adolessente seuns en meisies nie (Woody *et al.*, 2000:262) wat ooreenstem met die resultate van hierdie studie omdat orale seks deur seuns en meisies op dieselfde plek op die kontinuum lê.

Adolessente beskou die tweede groep seksuele aktiwiteite nie as "seks" nie, maar as aktiwiteite wat intimiteit binne 'n verhouding bevorder. Dit sluit wedersydse masturbasie, die gebruik van seksuele speelgoed, "dry humping" en die seksuele aanraking van borste in. Die meeste van hierdie aktiwiteite word deur adolessente ondersteun, al is daar sommige onder hulle wat dit as voorhuwelikse seksuele aktiwiteite beskou (Martin *et al.*, 2001:604). Die rapportering van hierdie tipe seksuele aktiwiteite is meer as die rapportering van vaginale penetrasie onder manlike adolessente – 'n tendens wat aandui dat die plaas van hierdie aktiwiteite laer op die kontinuum as vaginale penetrasie normaal is binne die konteks van adolessente se seksuele aktiwiteite (Gates & Sonenstein, 2000:297).

Laastens is daar 'n groep aktiwiteite wat as minder seksueel beskou word, maar wel steeds as seksuele aktiwiteite. Dit sluit self-masturbasie, die kyk van pornografie en die fantasering oor seks, in. Moore en Rosenthal (2006:17) het gevind dat die geslag van die individu asook sy/haar geloofsoortuiging grootliks deelname aan hierdie aktiwiteite grootliks beïnvloed.

Die deelnemers aan hierdie studie was verdeeld oor waar op die kontinuum “seks” begin. 40% van deelnemers het aangedui dat “seks” begin by anale seks en dat al die ander aktiwiteite voor dit nie binne die terme “voorhuwelikse seks” val nie. 40% van deelnemers het egter aangedui dat “seks” reeds begin by die kyk na pornografie, ’n verskynsel wat verklaar kan word deur die feit dat die meeste deelnemers aktiewe lede van hul geloofsgemeenskap was en meer konserwatief sou wees. 20% van deelnemers het aangedui dat “seks” reeds begin deur daarvoor te dink. Alhoewel deelnemers hierdie aanduiding gegee het oor hul eie persepsie het ’n klein aantal deelnemers (20%) aangedui dat hul geestelike leiers dink “seks” begin eers by anale seks terwyl die grootste gedeelte gemeen het hul geestelike leiers dink “seks” begin by gedagtes daarvoor.

Adolessente wat seksueel aktief is, het aangedui dat hulle, onder andere, meer alkohol gebruik, maar ook dat hulle minder betrokke was by aktiwiteite van hul geloofsgemeenskap en minder morele invloede gehad het, teenoor adollesente wat nie seksueel aktief was nie (Woody *et al.*, 2000:261). Adollesente wat dus aan hul geloofsgemeenskap se aktiwiteite deelneem en daarom ’n groter morele invloed toon is meer konserwatief in hul benadering en hul deelname aan seksuele aktiwiteite. Hierdie verskynsel verklaar waarom deelnemers aan hierdie studie aangedui het dat hul geestelike leiers soveel meer konserwatief dink oor seksuele aktiwiteite as hulleself doen, maar omdat hulle ook hul eie individuele besluite neem, hul eie persepsies van wanneer “seks” plaasvind, so drasties daarvan verskil. Die persepsie wat adollesente handhaaf dat hul geestelike leiers ’n meer konserwatiewe benadering tot seksuele aktiwiteite het, kan moontlik verklaar waarom hul geloofsgemeenskap se boodskappe oor seks so ’n geringe invloed op die adollesent uitoefen, vergeleke met die invloed van ander inligtingsbronne in hierdie verband (verwys na aktiwiteit 1 en 2)

Na aanleiding van hierdie aktiwiteit wat die seksuele aktiwiteite van adollesente aandui is dit duidelik dat seksuele aktiwiteite, selfs onder adollesente wat aktief aan die aktiwiteite van hul geloofsgemeenskap deelneem, as normaal beskou word en dat sekere aktiwiteite aanvaarbaar vir adollesente is ten spyte van die uitsprake wat hul geloofsgemeenskap daarvoor maak.

6. ADOLESSENTE SE SIENING VAN ’N GESONDE SEKSUELE LEWE (AKTIWITEIT 5)

Na aanleiding van die resultate van aktiwiteite 1 tot 4 is dit duidelik dat seks en seksuele aktiwiteite deel uitmaak van adollesente se daaglikse lewens. Adollesente is deeglik bewus van wat seks is en wat die rol van seks binne hul lewens is, maar die vraag ontstaan of adollesente, veral met die hoërisikogedrag wat hulle openbaar, bewus is van wat ’n gesonde seksuele lewe behels?


Die doel van hierdie aktiwiteit is om die deelnemers 'n lys te laat opstel van dinge wat na hul mening deel behoort uit te maak van 'n gesonde seksuele lewe. Duidelike onderskeid is deur die navorser getref tussen gesonde seksuele praktyk (die gebruik van kondome om te keer vir swangerskap ensovoorts) teenoor gesonde seksuele lewe (die hantering van seks binne die adolessent se hele lewe).

Eerstens is adolessente versoek om drie dinge te identifiseer wat hulle as deel van 'n gesonde seksuele lewe beskou en dit kortliks te beskryf. Die deelnemers aan hierdie studie het 11 faktore in die eerste breinblits genoem. Hierdie faktore was:

- Liefdevol;
- Geluk;
- Ek weet nie;
- Respek;
- Konneksie (band);
- Om gemaklik te wees met jou eie en die ander persoon se lyf;
- Passie;
- Vertroue;
- Nie verneuk nie;
- Eerlikheid;
- Liefde;
- Doel.

By navraag het al die deelnemers aangedui dat hierdie faktore slegs binne 'n romantiese en ernstige verhouding kon plaasvind, maar dat nie een daarvan eksklusief binne 'n huwelik gevind word nie.

Deelnemers is versoek om uit bostaande faktore die twee belangrikstes te identifiseer wat 'n gesonde seksuele leefstyl verteenwoordig. Die resultate hiervan word in 'n histogram (Figuur 4.5) aangedui.



Figuur 4.5: Faktore van 'n gesonde seksuele lewe

Deelnemers aan hierdie studie het vyf faktore geïdentifiseer wat volgens hul mening belangrik is vir die gesonde seksuele lewe van jongmense. Liefde is deur die meeste deelnemers genoem, terwyl respek tussen die twee partye asook 'n aanvaarbare doel vir die seksuele lewe van jongmense deur 'n groot groep deelnemers aangedui is. Vertroue tussen die twee partye asook 'n dieper emosionele band is ook as belangrik geag.

Dit is duidelik dat al elf die faktore wat deur adolessente genoem is, maar veral die belangrikste vyf, seksuele aktiwiteite tussen twee adolessente binne 'n ernstige en/of romantiese verhouding impliseer. Deelnemers aan hierdie studie het telkens verwys na seksuele aktiwiteite binne die konteks van 'n verhouding en dit is duidelik uit bostaande dat die emosionele eienskappe van so 'n verhouding vir adolessente belangriker is as die fisieke eienskappe van 'n seksuele verhouding.

Die verskynsel dat adolessente gesonde seksuele lewens bou op die raamwerk van emosionele eienskappe binne ernstige verhoudings eerder as die nodigheid vir fisiese plesier of seksuele eksperimentering is belangrik. Opvoedingsprogramme hanteer min, indien enigsins, die emosionele sy van seks, maar fokus meer op die biologiese eienskappe van seks en dan veral die biologiese gevolge daarvan (McKay & Holowaty, 1997:29).

Die feit dat al die eienskappe wat adolessente tydens hierdie aktiwiteit geïdentifiseer het as deel van 'n gesonde seksuele lewe vir jongmense juis dié is wat emosioneel van aard is, dui op twee dinge: Eerstens is dit duidelik dat adolessente seksuele verhoudings nie bloot as fisiese aktiwiteite beskou nie, maar dit juis binne die konteks van dieper emosionele gevoelens plaas. Tweedens, maak die huidige seksuele opvoedingsprogramme nie voorsiening vir die

emosionele band wat adolessente aan seksuele aktiwiteite koppel nie. So is daar reeds genoem dat die meeste seksuele opvoedingsprogramme slegs voorsiening maak vir die biologiese gevolge van adolessente se seksuele aktiwiteite, maar die emosionele en sosiale sfere van hierdie aktiwiteite word nie in ag geneem nie (Pattee, 2006:30). Die afwesigheid van faktore soos kontrasepsie en “veilige seks” kan in hierdie aktiwiteit verklaar word deurdat die navorser vooraf duidelik onderskeid getref het tussen ’n veilige seksuele lewe, met verwysing na kontrasepsie, en ’n gesonde sekslewe, met verwysing na praktyke of faktore wat die seksueel aktiewe individue se hele lewe raak.

Adolessente wat deelgeneem het aan hierdie studie het bostaande emosionele faktore geïdentifiseer omdat dit deel uitmaak van hul besluitnemingsraamwerk aangaande seksuele aktiwiteit. Deelnemers het tydens hierdie aktiwiteit dikwels verwys na die “trou-man-/trou-vrou”-konsep. Die feit dat adolessente op hierdie ouderdom reeds op soek is na ’n verhouding waarin hulle die ander persoon meet aan sy of haar waarde as trouman/trouvrou, maak dit duidelik dat adolessente ’n veel meer emosionele besluit neem oor hul betrokkenheid by seksuele aktiwiteite. Seks is dus nie vir adolessente bloot ’n fisiese aktiwiteit nie maar ook ’n emosionele een.

7. STRUIKELBLOKKE VIR ADOLESSENTE SE GESONDE SEKSUELE LEWE (AKTIWITEIT 6)

Tot dusver is dit duidelik dat deelnemers aan hierdie studie bewus is van die verskillende boodskappe wat hulle oor seks ontvang, watter bronne tot hul beskikking is vir inligting oor seks, wat hul persepsies van seks is en ook by watter seksuele aktiwiteit hulle betrokke raak. Die voorafgaande aktiwiteit het ook geïdentifiseer watter eienskappe deelnemers aan hierdie studie dink behoort teenwoordig te wees in die lewe van adolessente wat ’n gesonde seksuele lewe handhaaf. Na aanleiding hiervan is die doel van aktiwiteit 6 om adolessente se perspektiewe te verkry oor wat hulle beskou as struikelblokke in die proses om ’n gesonde seksuele leefstyl te handhaaf

Deelnemers is versoek om struikelblokke vir jongmense te identifiseer wat veroorsaak dat hulle nie gesonde seksuele lewens handhaaf nie. Die deelnemers aan hierdie studie het 14 struikelblokke geïdentifiseer wat hieronder in geen spesifieke volgorde nie, gelys is.

- Groepsdruk;
- Lae selfbeeld;
- Ouers;
- Die behoefte om “wanted” te voel;

- Eerlikheid;
- “Dissapointment”;
- Hulle ken God nie altyd nie;
- Hulle weet nie wat dit (gesonde seksuele lewe) is nie;
- Hulle verwag te veel van die ander persoon;
- Die gemeenskap waarin hulle bly;
- Hulle probeer “cool”wees;
- Nie veel nie;
- Drank;
- Internet.

Na aanleiding hiervan is deelnemers versoek om te verduidelik wat met elkeen van die faktore bedoel word om sodoende onduidelikhede uit die weg te ruim.

Deelnemers aan hierdie studie het aangedui dat bostaande faktore as struikelblokke dien omdat dit die adolessent verhoed om goeie besluite te neem binne sy/haar seksuele lewe. So kan groepsdruk, die behoefte om “cool” te wees, die gemeenskap waarin hulle bly en ’n lae selfbeeld almal faktore wees wat meebring dat adolessente by seksuele aktiwiteite betrokke raak om beter en meer aanvaarding binne die portuurgroep te verkry. Hierdie verskynsel word ondersteun deur Prinstein, Meade en Cohen (2003:244) wat gevind het dat adolessente wat seksuele gedrag rapporteer, in die algemeen gewilder is binne ’n portuurgroep, maar nie noodwendig meer “van gehou” sal word nie. Adolessente met hoë seksuele belangstelling geniet ’n hoër status binne hul portuurgroep en het dus ook meer geleentheid om seksueel betrokke te raak by ander adolessente (Prinstein, Meade & Cohen, 2003:244). Binne die konteks van Sub-Sahara Afrika-lande is bevind dat baie adolessente seuns heelwat druk ondervind om seksueel aktief te raak, veral komende van hul portuurgroep en volwasse mans. Dit word toegeskryf aan die kulturele verskynsel dat voorhuwelikse seks ’n vereiste is vir die adolessent om deur die gemeenskap aanvaar te word (Dahlbeck *et al.*, 2006:257).

Die afwesigheid van eerlikheid binne adolessente se romantiese verhoudings, teleurstelling binne hierdie verhoudings (dissapointment) en ’n onrealistiese verwagting van die ander persoon in die verhouding word ook deur deelnemers binne hierdie studie as struikelblokke vir ’n gesonde leefstyl genoem. Dit dui daarop dat verhoudings ’n belangrike deel van adolessente se lewens uitmaak en dat die seksuele sy daarvan nie die enigste aspek van ’n verhouding is wat adolessente as maatstaf vir ’n gesonde seksuele lewe aanlê nie. Royer *et al.* (2009:369) redeneer dat romantiese verhoudings tydens die adolessente ontwikkelingsfase normaal is en dat hierdie romantiese verhoudings ’n verskeidenheid aspekte binne hierdie ontwikkelingsfase

beïnvloed. Dit is deur middel van hierdie verhoudings dat adolessente ondervinding opdoen wat hulle vir die res van hul lewe aanwend om keuses binne romantiese verhoudings te maak.

Deur die loop van al die aktiwiteite van hierdie studie het dit duidelik geword dat adolessente se geloofsgemeenskap nie werklik 'n invloed het op hul besluite aangaande seksuele aktiwiteite nie. Dit spreek duidelik uit die lae vlak van belangrikheid van die geloofsgemeenskap as inligtingsbron (aktiwiteit 1) die negatiewe boodskap oor seks wat van die geloofsgemeenskap ontvang word (aktiwiteit 2) asook die groot verskil tussen die mening van geestelike leiers en dié van die deelnemers self oor watter aktiwiteite “seks” is (in aktiwiteit 4). Die enigste verwysing na geloofsgemeenskap wat in aktiwiteit 6 gevind word, is dié dat deelnemers meen dat adolessente God nie ken nie, en dit dan dien as 'n struikelblok vir 'n gesonde seksuele lewe. Die navorser het pertinent gevra of die kerk/geloofsgemeenskap nie ook as 'n struikelblok genoem moet word nie, juis omdat dit so 'n geringe impak het op grond van die data wat voortgespruit het uit die ander aktiwiteite. Deelnemers was dit eens dat die kerk nie as 'n struikelblok beskou moet word nie, omdat:

“Die kerk nie regtig ons laat struikel nie, die kerk is net glad nie betrokke nie.”

-Vroulike Deelnemer (Ouderdom 15)

Die onbetrokkenheid van die geloofsgemeenskap in die seksuele lewens van adolessente behoort dan as struikelblok genoem te word omdat adolessente dit duidelik maak dat hulle meer inligting oor seks juis van die geloofsgemeenskap af wil ontvang.

8. SAMEVATTING

Die metodologie wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is, is gebruik om die wyse waarop adolessente oor seksuele aktiwiteite dink, na vore te bring. Na aanleiding van die data wat in hierdie hoofstuk weergegee is, word die etiese raamwerk wat adolessente tydens besluitneming oor seksuele aktiwiteite aanwend, en hulle unieke gevolgtrekkings oor die invloed van die geloofsgemeenskap in die etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteite, in die volgende hoofstuk van hierdie studie beskryf.

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

In Hoofstuk 1 van hierdie studie het die navorser sy doelwitte soos volg uiteengesit:

1. Die identifisering van die etiese besluitnemingsraamwerk by adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite;
2. Die elemente waaruit hierdie etiese besluitnemingsraamwerk by adolessente bestaan;
3. Om die invloed van geloofsgemeenskappe, spesifiek die Christelike geloofsgemeenskap, ten opsigte van die vorming van 'n etiese besluitnemingsraamwerk te bepaal: en
4. Om leemtes te identifiseer wat deur die geloofsgemeenskap (kerk) gevul kan word om sodoende die geloofslering en die etiese raamwerk van adolessente met mekaar te versoen.

Na aanleiding van die konteks wat gevorm is deur middel van die literatuurstudie, die metodologie en die data-insameling van hierdie studie word die doelwitte van die studie aangewend om die samevatting en gevolgtrekkings van die studie aan te dui. Hierdeur word die navorsingsvrae soos uiteengesit in Hoofstuk 1, beantwoord.

2. DIE ETIESE BESLUITNEMINGSRAAMWERK VAN ADOLESSENTE MET BETREKKING TOT SEKSUELE AKTIWITEITE

Die eerste doelwit van hierdie studie is om die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite te identifiseer. Hierdie doelwit vooronderstel dat adolessente oor so 'n etiese besluitnemingsraamwerk beskik en dat dit bestaan uit elemente wat die navorser kan identifiseer en verwoord.

'n Etiese besluitnemingsraamwerk kan verklaar word as 'n stel grondbeginsels wat die individu aanwend om besluite te neem wat lei tot gedrag wat die gemeenskap as aanvaarbaar beskou. Soos reeds in Hoofstuk 2 genoem, is daar 'n fase in menslike ontwikkeling waarin die mens nie net 'n morele bewustheid ontwikkel nie, maar sy/haar morele bewustheid aanpas om by die sosiale orde en die gemeenskap se morele bewustheid te pas. Soos aangetoon het Kohlberg (1976:34-35) hierdie fase die Konvensionele vlak van moraliteit genoem.

Daar is ook reeds genoem dat moraliteit, soos verduidelik deur Kohlberg (1976:34-35), bestaan uit die individu se morele standaarde, die proses van morele beredenering waardeur die individu vorder en die motivering wat agter die besluit van die individu lê. 'n Etiese

besluitnemingsraamwerk speel slegs 'n rol in die proses van beredenering waardeur die individu vorder om “regte” of “verkeerde” besluite te neem. Die etiese besluitnemingsraamwerk is dus 'n beredeneringsproses wat beide die motivering van morele besluite en morele gedrag bepaal.

Hierdie studie maak gebruik van 'n etiese raamwerk vir die gebruik van die navorsingsmetodologie (cf 3.2 in Hoofstuk 3) om aan die leser die etiese implikasies van die navorsing in hierdie studie te verduidelik. Deur aan al die vereistes van daardie raamwerk te voldoen, bewys die navorser dat die bestudering van adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk ten opsigte van seksuele aktiwiteite, aan die internasionaal aanvaarde etiese vereistes vir navorsing in hierdie konteks voldoen (cf. Hoofstuk 3 van hierdie studie). Hierdie etiese raamwerk bepaal die besluite en gedrag van die navorser binne die navorsing wat gedoen word, maar dit het nie 'n direkte invloed op die moraliteit van die navorser self nie, behalwe as die navorser deur middel van sy/haar eie besluitnemingsproses kies om die etiese raamwerk vir navorsing deel te maak van sy/haar eie morele raamwerk.

Hieruit kan afgelei word dat 'n individu oor 'n etiese besluitnemingsraamwerk binne hom-/haarself beskik wat bepalend is vir die gedrag wat die individu sal openbaar. In teenstelling met die etiese raamwerk vir die navorsing in die breë, kan hierdie raamwerk binne die individu nie as logies opeenvolgende stappe uiteengesit word nie, omdat te veel verskillende invloede op die individu inwerk. In Hoofstuk 2 van hierdie studie is die verskillende invloede op die moraliteit van individue sowel as die ontwikkeling van moraliteit by adolessente beskryf.

Hierdie invloede is nie op die etiese raamwerk vir navorsing of enige ander etiese raamwerk van toepassing nie, omdat hierdie raamwerke nie gebruik word om die moraliteit van 'n individu te beskryf nie. Dit word telkens aangewend om die gedrag van individue te manipuleer, maar dit bly die individu se eie keuse of hy/sy hierdie raamwerk wil volg. Dit wil dus voorkom of die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite nie as 'n logies opeenvolgende proses beskryf kan word nie, maar eerder as 'n komplekse beredeneringsproses wat deur 'n verskeidenheid eksterne faktore beïnvloed kan word en wat onder verskillende omstandighede, verskillende uitkomst sal toon.

Die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente is dus 'n komplekse denkpatroon wat gevolg word om morele besluite te neem en wat voortvloei uit die reeds bestaande moraliteit van die adolessente. Hierdie verskynsel bepaal dus dat adolessente se etiese besluitnemingsraamwerk beïnvloed word deur dieselfde elemente wat moraliteit beïnvloed en dat die etiese besluitnemingsraamwerk afhanklik is van die bestaan van morele standaarde binne die individu.

'n Etiese besluitnemingsraamwerk vooronderstel dat individue ten opsigte van sekere situasies oor 'n raamwerk beskik waarvolgens hulle tussen “reg” en “verkeerd” oordeel en daarvolgens besluite neem binne 'n situasie. Indien 'n adolessente individu dus moet oordeel tussen “reg” en “verkeerd” binne die konteks van 'n situasie waarin hy/sy gekonfronteer word deur seksuele aktiwiteite sal hierdie raamwerk bepaal wat die besluit sal wees.

Uit die data wat in Hoofstuk 4 weergegee is, is dit duidelik dat die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente nie 'n konkrete, stap-vir-stap-proses is nie, maar 'n ingewikkelde en komplekse beoordelingsproses wat van individu tot individu verskil. Tydens die data-insameling het die deelnemers van mening verskil met betrekking tot waar op die kontinuum hulle dink “seks” begin, asook ten opsigte van hul persepsies van seksuele aktiwiteite. Hierdie verskille bestaan ten spyte van die ooreenkomste wat die deelnemers aangedui het in hul mening rakende hul geloofsgemeenskappe se boodskappe oor seks. Terwyl al die deelnemers deel uitgemaak het van gereformeerde geloofsgemeenskappe, wat dieselfde boodskap oor seks het, het die deelnemers se opvattinge verskil van daardie boodskappe van hul geloofsgemeenskap, maar daar het ook individuele verskille van menings onder die deelnemers self voorgekom. Hierdie verskynsel gee aanleiding tot die navorser se gevolgtrekking dat dit nie moontlik is om 'n stap-vir-stap etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente te identifiseer nie, as gevolg van die individuele verskille tussen adolessente se persoonlikhede, morele ontwikkeling, geloofsgemeenskap en persoonlike moraliteit. Die verskillende elemente wat 'n rol by hierdie etiese besluitnemingsraamwerk speel, word vervolgens bespreek. Hierdie elemente verskil ook van individu tot individu, asook ten opsigte van hoe belangrik die rol van die element in die etiese besluitnemingsraamwerk is. Die verskil wat in elemente van die etiese besluitnemingsraamwerk voorkom, beklemtoon verder die navorser se gevolgtrekking dat dit nie moontlik is om 'n logies opeenvolgende raamwerk van adolessente te identifiseer nie, maar dat daar volstaan kan word met die beskrywing soos hierbo gegee.

3. DIE ELEMENTE VAN ADOLESSENTE SE ETIESE BESLUITNEMINGSRAAMWERK

Adolessente lê nie dieselfde kriteria aan om telkens besluite te neem oor seksuele aktiwiteite of die deelname daaraan nie. Wat wel gebeur, is dat die persepsies wat adolessente het van seks, gepaard met die inligting oor seks wat adolessente van bronne bekom wat hulle vertrou, bepalend is vir die beoordelingsproses wanneer adolessente besluite neem aangaande seksuele aktiwiteite. Hierdie verskynsel verduidelik waarom deelnemers aan hierdie studie tot 'n geloofsgemeenskap kon behoort wat duidelike uitsprake lewer oor voorhuwelikse seksuele aktiwiteite, maar steeds maklik van mening kon verskil ten opsigte van die geloofsgemeenskap se standarde.

Eerstens het die kriteria wat adolessente aanlê om besluite te neem verander namate hulle meer inligting oor seks van bronne buite die geloofsgemeenskap bekom het, en tweedens, namate hierdie bronne se boodskappe grootliks verskil het van dié wat die geloofsgemeenskap oor seks uitdra. So het adolessente se geloofsgemeenskap seks voor die huwelik as negatief uitgebeeld, terwyl die media, wat as die grootste inligtingsbron bevind is, seks as positief en risiko vry uitgebeeld het. Die ander bronne, wat as skool en vriende geïdentifiseer is, het deurlopend positiewe boodskappe oor seks bevat, alhoewel die fokus van die boodskappe tussen die bronne verskil het. Die fokus(tema) van die boodskappe wat deur die skool aan adolessente gegee is, was meestal ten opsigte van die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes, veral MIV en VIGS, en onbeplande swangerskappe.

Adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, het te kenne gegee dat hulle meer voorkomend sal optree indien die bedreiging van seksueel oordraagbare siektes teenwoordig was binne seksuele aktiwiteite, maar dat die moontlikheid van onbeplande swangerskap nie so 'n sterk invloed op voorkomende gedrag tot gevolg sal hê nie. Die rede hiervoor kan wees omdat die fokus van seksuele opvoedingsprogramme binne skole nie voorsiening maak vir die gevolge van ongewenste swangerskappe nie, maar meestal net fokus op die gevolge van seksueel oordraagbare siektes. Die boodskap is dikwels dat wanneer 'n adolessent eers MIV of VIGS opgedoen het, dit nie genees kan word nie, maar dat die gevolge van swangerskappe verhoed of hanteer kan word hetsy deur die toediening van 'n abortsie of aanneming.

Hierdie bronne en die boodskappe wat hulle oor seks en seksuele aktiwiteite uitdra, is bepalend van adolessente se persepsies van seks en wat hulle as "reg" en "verkeerd" beskou. So het die meeste adolessente hierdie boodskappe gebruik as motivering vir hul persepsie dat seks binne romantiese verhoudinge "reg" is, sonder dat daar sprake is van 'n huwelik tussen die twee partye in die verhouding. Deelnemers aan hierdie studie het te kenne gegee dat hulle wel op soek is na 'n trouman of vrou en dat hulle binne 'n verhouding met hierdie persoon seksuele aktiwiteite vir later sal uitstel. Indien die adolessente in so 'n verhouding wel seksueel aktief raak en die verhouding skipper, sal hulle in hul volgende verhouding soek na iemand wat beter aan die trouman/vrou-kriteria beantwoord, maar sal ook, indien die verhouding ernstig genoeg is, betrokke raak by seksuele aktiwiteite, sonder dat daar sprake is van 'n huwelik.

Dit lyk asof die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite uit dieselfde elemente as dié van hul morele standarde bestaan, maar omdat die etiese besluitnemingsraamwerk eerder 'n beredeneringsproses is, word dit sterker deur eksterne faktore beïnvloed. Hierdie faktore, soos in Hoofstuk 2 genoem, sluit die Postmodernistiese wêreldbeskouing, die adolessent se kulturele konteks, die adolessent se ouderdom en geslag asook die adolessent se huislike en sosiale omstandighede in. Die invloed

van belangrike inligtingsbronne, soos die media, portuurgroepe, skole en adolessente se huislike omgewings, kan dus beskou word as elemente van die etiese besluitnemingsraamwerk omdat dit direkte invloede uitoefen op die uitslag van besluite wat geneem word, wanneer die etiese besluitnemingsraamwerk aangewend word.

Daar kan dus volstaan word met die stelling dat die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente met betrekking tot seksuele aktiwiteite eerstens 'n komplekse beredeneringsproses is waarvolgens besluite geneem word en dat dit tweedens beïnvloed word deur dieselfde elemente (cf. punt 3 van Hoofstuk 2) wat moraliteit beïnvloed, asook dat dit verander namate die boodskappe van die invloede daarop versterk of verswak.

4. DIE INVLOED VAN DIE CHRISTELIKE GELOOFSGEMEENSAP OP DIE VORMING VAN ADOLESSENTE SE ETIESE BESLUITNEMINGSRAAMWERK

Die feit dat die geloofsgemeenskap nie deur adolessente as 'n belangrike inligtingsbron oor seks aangetoon is nie, bewys dat die morele standaard wat die geloofsgemeenskap voorhou nie 'n invloed op adolessente het nie, maar dat dit ruimte laat vir ander bronne soos die media en portuurgroepe om die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente te beïnvloed. Wanneer die boodskappe van die ander geïdentifiseerde bronne (skool en huis) bygevoeg word, blyk dit dat die geloofsgemeenskap, in hierdie geval, die kerk, nie net alleen staan met die boodskap dat seks voor die huwelik verkeerd is nie, maar ook dat dit min tot geen invloed het op die besluite wat adolessente neem aangaande seksuele aktiwiteite nie.

Verder het dit ook 'n invloed op die persepsies wat adolessente het van seksuele aktiwiteite. Alhoewel adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het seks voor die huwelik en orale seks as verkeerd beskou het, het hulle beide hierdie aktiwiteite geïdentifiseer as seksuele aktiwiteite wat adolessente in hul gemeenskap beoefen, tesame met die oordeel dat 'n ernstige verhouding en nie net 'n huwelik nie, 'n voorvereiste vir seksuele aktiwiteit is.

